



VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR:

SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL

PROF NICO KOOPMAN
JUNIE 2020



UNIVERSITEIT
IYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 - 2018

INHOUDSOPGawe

Inleiding	2	
1. Tema 1: 'n Florerende Universiteit Stellenbosch	3	
1.1 Institusionele Transformasiekomitee	4	
1.2 Transformasie-webtuiste en -kommunikasie	4	
1.3 Transformasiekantoor	4	
1.4 Ondersoek na navorsingsartikel	5	
1.5 Nuwe toekomsgerigte simbole by die US	5	
1.6 Befondsing vir sosiale impak	5	
1.7 Toyota US Woordfees	6	
1.8 US Museum	7	
1.9 'n Gesonde US	8	
2. Tema 2: 'n Transformerende studente-ervaring	11	
2.1 Institusionele Transformasiekomitee	12	
2.2 Transformasie-inisiatiewe	12	
2.3 Opleidings- en plasingshub vir vrywilligerswerk	12	
2.4 Sosiale Impak Gemeenskapsoggend	13	
2.5 "HealthyUS"-kortkursus	13	
2.6 Gesamentlike werkgroepe vir die bekamping van geslagsgebaseerde geweld	13	
3. Tema 3: Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke	15	
3.1 Betrokkenheid van belanghebbendes by nasionale dae en strategiese temas	16	
3.2 Kaapse Hoëonderwyskonsortium	16	
3.3 Vennootskappe vir sosiale impak tydens COVID-19	16	
3.4 Sosiale Impak Simposium	17	
3.5 US faciliteer skepping van Lückhoff Lewende Museum 50 jaar ná gedwonge uitsetting	18	
3.6 Transformasievennootskappe	18	
3.7 Transformasie-indaba	18	
3.8 US Museum	19	
3.9 US en Fort Hare maak geskiedenis deur kunssamewerking	20	
3.10 Gesondheidvennootskappe	20	
3.11 Verlengde Onderwyspraktisyensopleidingsprogram	21	
3.12 Samewerking in die stryd teen honger	21	
3.13 Voedselsekerheid-intervensie vir Weskus-skole	21	
4. Tema 4: Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer	22	
4.1 Leer en onderrig by KGD	23	
4.2 Werkswinkels oor ras en rassisme	23	
4.3 Opleiding van gemeenskapsleiers	23	
5. Tema 5: Navorsing vir impak	24	
5.1 Samewerkingstudie oor waterbestuur	25	
5.2 Transformasienavorsing	25	
6. Tema 6: Voorkeurwerkgewer	26	
6.1 Eksterne evaluering van Menslike Hulpbronne	27	
6.2 US-opname oor welsyn, kultuur en klimaat by die werk, 2019	27	
6.3 Taakspan vir die Erkenning en Aansporing van Personeel	28	
6.4 Diensbillikheid	28	
6.5 Transformasievaardighede vir personeellede	28	
6.6 Leierskaps- en bestuursontwikkeling	29	
6.7 Transformasiekantoor	29	
6.8 Kampusgesondheidsdienste	29	
6.9 Plan vir personeelgesondheid en -welsyn	29	
6.10 Dagsorgfasiliteite	30	
6.11 Gesondheidsbevordering	30	
6.12 Pedometer-uitdaging	30	
6.13 Senior aanstellings	30	
6.14 Vordering ten opsigte van diversiteit	31	
6.15 nGAP by die US	33	
6.16 Kansellierstoekennings vir 2019	33	
Slotwoord	34	

GEAGTE VOORSITTER



Dit is 'n voorreg en plesier om aan die Senaat en Raad verslag te doen van die werk van die Verantwoordelikheidsentrum vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel vir die tydperk Junie 2019 tot Mei 2020. Hierdie verslag word in die konteks van COVID-19 gelewer. Dit is 'n tyd waarin ons ondenkbare uitdagings ervaar. Dit is 'n tyd van onstuimigheid, spanning en tragedie. Dit is 'n tyd van angs en vrees. Dit is 'n tyd van onsekerheid, onvoorspelbaarheid en verwarring. Dit is 'n tyd waarin ons hunker na ritme en roetine, patronen en betekenisvolle raamwerke. Dit is 'n tyd waarin ons smag na sosiale samehang en sosiale gemeenskap, sosiale deernis en sosiale sorg te midde van 'sosiale afstandskepping'. Dit is 'n tyd waarin ons die uitdaging ervaar om sakekontinuïteit te handhaaf wat nie die normale is nie. Dit is ook 'n tyd wat soveel van ons in ons persoonlike en professionele lewens verg. Dit is 'n tyd waarin bestaande kommer in individuele lewe, institusionele lewe en die lewe in die samelewning – plaaslik en internasionaal – duideliker en meer intensief ontbloot word. Dit is inderdaad 'n tyd van versterking van bestaande kommer. In hierdie tyd stel ons die heldhaftige werksaamhede van ons personeel, studente, Senaats- en Raadslede en alle vennote van die Universiteit om ons vorentoe te neem hoog op prys.

Inleiding

Die Verantwoordelikheidsentrum (VS) vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP) bestaan uit die volgende afdelings:

1. Die Afdeling Sosiale Impak
2. Die Transformasiekantoor
3. Die Universiteit Stellenbosch Museum
4. Woordfees, WOW (Woorde Open Wêrelde) en die Universiteitskoor
5. Menslike Hulpbronne
6. Kampusgesondheidsdienste.

Die **waardestelling van die VS** kan as volg verwoord word:

Die SITP VS maak 'n besondere bydrae tot die Universiteit Stellenbosch (US) deur die bevordering van die sentrale institusionele strewe om 'n transformerende impak op die samelewing deur sy menslike hulpbronne van personeel, studente, alumni, belanghebbendes, rolspelers en institusionele vennootskappe te maak, wat almal uitstekende, transformerende en impakmakende akademiese programme van leer en onderrig, navorsing en innovasie in plaaslike en internasionale kontekste verseker. In hierdie oopsig maak dit 'n bepaalde en nodige waardetoevoegende bydrae tot die kernaktiwiteite van die Universiteit.

SITP voeg waarde tot die US se program van aksie deur die akademiese mandaat te ondersteun; professionele, toeganklike, toepaslike en kundige diens te lever; en 'n pasgemaakte diensleweringsbenadering toe te pas wat geskik is vir die unieke omstandighede van diegene met wie die VS saamwerk en wie dit dien. Dit word gedoen deur die onderskeie onderling afhanklike afdelings van Menslike Hulpbronne (MH), die Transformasiekantoor, die Afdeling Sosiale Impak, Kampusgesondheidsdienste (KGD), die US Museum asook die US Woordfees (insluitende WOW en die Universiteitskoor).

Hierdie verslag is ingevolge die US se ses kern- strategiese temas van die Strategiese Raamwerk 2019–2023 gestruktureer. Dit is:

1. 'n Florerende Universiteit Stellenbosch
2. 'n Transformerende studente-ervaring
3. Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke
4. Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer
5. Navorsing vir impak
6. Voorkeurwerkgewer.

Die bydrae van die VS rakende die verwesenliking van hierdie kern- strategiese temas van die Universiteit word in die volgende afdelings bespreek.

TEMA: 1

'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Kweek 'n US wat gekenmerk word deur inklusiwiteit, diep en doelbewuste transformasie, en diversiteit.
- Skep geleenthede vir die bevordering van meertaligheid in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale omgewings, en erken terselfdertyd die intellektuele rykdom wat in taaldiversiteit opgesluit lê.
- Verander die grootte, vorm en samestelling van ons studentekorps en van ons akademiese programme om die strategiese rigting van ons visie te weerspieël.
- Skep 'n finansieel volhoubare organisasie.
- Verhoog die standaard van die Universiteit se fasilitete en infrastruktuur na dié van 'n wêreldklas-navorsingsintensieve universiteit, wat terselfdertyd visuele regstelling omarm.
- Bewerkstellig diepgaande en volhoubare verandering en vernuwing in alle fasette en funksies van die US om soepel, aanpasbaar en responsief te wees.
- Streef daarna om 'n toonaangewende, navorsingsintensieve universiteit te wees, wat teen 2024 op ranglyste ingesluit word as 'n voorste werêldklas universiteit.
- Skep 'n entrepreneurskultuur wat innovasie institusioneel bevorder.

TEMA 1:

'n FLORENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



1.1 Institusionele Transformasiekomitee

Die Institusionele Transformasiekomitee (ITK) funksioneer goed en het verskeie kere tydens die verslagdoeningstydperk vergader. Die ITK het 'n spesiale vergadering op 12 September 2019 gehou om die memorandum van studente teen geslagsgebaseerde geweld (GBG), die Anti-GBV Movement SU, te bespreek, asook 'n geskeduleerde vergadering op 27 September 2019. Die Komitee het ook drie keer tussen Augustus en November 2019 met die Rektoraat vergader. Gereelde vergaderings met die Rektoraat sal steeds plaasvind, waartydens relevante sake bespreek sal word en gedetailleerde verslagdoening sal plaasvind.

Op 3 Februarie het 'n paar ITK-lede, naamlik prof Nico Koopman, dr Leslie van Roi, dr Claire Kelly, prof Bradley Slade, prof Ronelle Carolissen, me Ilhaam Groenewald en mnr Jaco Brink, met prof Arnold Schoonwinkel, dr Choice Makhetha en lede van haar span (mnr Pieter Kloppers, dr Munita Dunn-Coetze en dr Tonia Overmeyer) vergader om koshuiskultuurprobleme, procedures van die Eenheid vir Gelykwaardigheid en die kursus oor antirassisme en burgerskap in opdrag van die Senaat te bespreek.

'n **Hersiene opdrag** aan die ITK is op 17 September 2019 deur die Rektoraat goedgekeur. Relevante punte word hier onder bespreek.

Die ITK bevorder Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019–2024, die US se Transformasieplan asook die implementering van die transformasie-opdragte soos verwoord in die omgewingsplanne van fakulteite en VS'e.

Die ITK staan die transformasiekomitees in die onderskeie fakulteite en VS'e by met die gebruik van die Transformasieplan as 'n instrument om transformasieprosesse by die Universiteit te visualiseer, te rig, te koördineer en te bevorder. Die Komitee monitor ook en doen (intern) verslag oor vordering ten opsigte van transformasieteikens. Die ITK dien voorts as 'n raadgewende liggaam aan die Rektoraat, die Transformasie-portefeuilje, die Institusionele Forum, die Aanstellingskomitee van die Senaat, fakulteite, VS'e en ander omgewings.

Die Komitee is saamgestel uit verteenwoordigers van al die fakulteite en VS'e, die Studenteraad, die Institusionele

Transformasiekomitee vir Studente (ITKS) asook die Institusionele Forum. Ex officio-lede van die ITK is:

- die Viserekotor: SITP (as voorsitter);
- die senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie;
- die hoof van die Transformasiekantoor;
- die direkteur van die Diensbillikheidskantoor; en
- die direkteur/hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid.

Enige vakature op die Komitee word deur die onderskeie omgewings gevul. Ander lede van die Rektoraat, dekane en ander senior bestuurders asook verteenwoordigende liggeme kan genooi word om ITK-vergaderings by te woon, soos nodig. Die inklusiewe samestelling van die ITK verseker dat transformasie as ingebedde transformasie by die Universiteit gevestig word.

1.2 Transformasie-webtuiste en -kommunikasie


Die webtuiste van die US se Transformasiekantoor is in 2019 bekendgestel (www.sun.ac.za/english/transformation). As deel van die oorkoepelende US-tuisblad is die webtuiste 'n belangrike bron van inligting en hulpbronne rakende transformasie. Dit bevat skakels na belangrike dokumente, soos die US se Transformasieplan, asook belangrike kampusomgewings soos die Eenheid vir Gelykwaardigheid. Ander strukture en onderwerpe wat gedeel word, sluit in die ITK, visuele herstelling en die jaarlikse Transformasie-indaba.

Die Transformasiekantoor het 'n basiese gids vir transformasie-kommunikasie aan die US ontwikkel. Hierdie gids help kollegas om kommunikasienetwerke by die Universiteit te naveer om te verseker dat die instelling se transformasiewerk wyer op verskillende mediaplatforms versprei word.

1.3 Transformasiekantoor

Die Transformasiekantoor skep geleenthede vir personeel en studente om betrokke te raak by transformasiesake verbonde aan die COVID-19-pandemie. Dit word op die volgende maniere gedoen: die deel van ontledings van sosiale ongelykhede met

betrekking tot geslag en klas, soos met COVID-19 aan die lig gekom het, en die aanbieding van aanlyn besprekings op 9 April 2020 getiteld “Engaging on our already difficult everyday social issues during a pandemic: How do we go on talking?”



Die Transformasiekantoor het ook 'n reeks artikels die lig laat sien wat oor die ervarings van die COVID-19-inperking besin, wat tussen 22 April en 2 Mei 2020 gepubliseer is. Dit dek 'n verskeidenheid ervarings wat strek van 'n student in 'n koshuis tot 'n ma van klein kinders.

1.4 Ondersoek na navorsingsartikel

Ná die omstredenheid oor die publikasie van 'n artikel oor ras en kognisie deur US-navorsers in Mei 2019 het die Universiteit onderneem om interne en eksterne belanghebbendes ingelig te hou oor die institusionele proses rakende hantering van die saak.

Om hierdie rede is 'n aankondiging op die US se webtuiste in September geplaas waarin die Universiteit meegedeel het dat twee Senaatskomitees, die Navorsingskomitee en die Navorsingsetiekomitee, by die Senaatsvergadering van 22 November 2019 aanbeveel het dat die instelling die **internasionale gedragskode** vir navorsing in hulpbronarm omgewings (www.globalcodeofconduct.org) formeel aanvaar.

Die Navorsingskomitee het ook aanbeveel dat 'n proses geskep word waarvolgens alle **projekte vir sosiale impak** aan etiekevaluering onderwerp word. Die tema van etiekriglyne vir sosiale impak is gevvolglik by die jaarliks Sosiale Impak Simposium op 6 September 2019 bespreek, wat ook waardevolle insette van belanghebbendes in die burgerlike samelewing verseker het. 'n Taakspan is sedertdien versoek om 'n formele stel etiekriglyne vir inisiatiewe vir sosiale impak te ontwikkel.

Intussen sou die **ondersoek** na verskillende aspekte van die gepubliseerde artikel na verwagting teen die einde van September 2019 voltrek word, maar weens onvoorsiene vertragings het die formele ondersoekkomitee uitstel tot die einde van November 2019 versoek. Aangesien dit vanuit 'n reputasie-oogpunt belangrik was, het die US 'n verklaring uitgereik om die vertraging aan te kondig, wat op 11 Oktober in [news@stellenboschuni](mailto:news@stellenboschuni.ac.za) verskyn het en ook aan die eksterne media vrygestel is.

1.5 Nuwe toekomsgerigte simbole by die US

Op 26 Augustus 2019 het ons Afdeling Sosiale Impak nuwe toekomsgerigte simbole by die US bekendgestel. Die openbare bekendstelling het die vorm van 'n **rondwandeling** aangeneem, waartydens die volgende onder andere besoek is:

- *The Circle*, 'n kunsuitstalling op die grasperk langs die Rooiplein, wat 11 vroue uitbeeld
- Nabygeleë banke wat gegraveerde verwelkomingsfrases in 15 Suid-Afrikaanse tale, insluitende Braille, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en San, uitbeeld
- Die Bibliotekpanele wat boodskappe van ons eeufeesviering vertoon
- Die kaart van Die Vlake by die ingang na die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou
- Die hernoemde Adam Small Teaterkompleks.

Gaste wat aan die rondwandeling deelgeneem het, het lede van die groter Stellenbosch-omgewing, soos die Die Vlake Forum, ingesluit. Twee van die individue wat in *The Circle* uitgebeeld is, die US se prof Thuli Madonsela en die Suid-Afrikaanse aktrise Quanita Adams, was ook teenwoordig.




The Circle, 'n nuwe kunsuitstalling langs die Rooiplein, beeld 11 Suid-Afrikaanse vroue in 'n openbare ruimte uit wat sinoniem is met lewendige interaksie en alledaagse gesprek.

Die kurator van *The Circle* was me Stephané Conradie van die US se Departement Visuele Kunste en dit is deur mnr Jacques Buys van Stellenbosch Art Foundry gegiet. In 'n vroeë onderhou het Conradie gesê dat die werk gemik is op die **hernuwing van die kultuur van simbole in openbare ruimtes** deur almal te nooi om deel van die gesprek te wees. My boodskap by die rondwandeling was dat die US **die Universiteitsgemeenskap** wil verenig deur simbole wat ons help om saam vorentoe te beweeg.


1.6 Befondsing vir sosiale impak

Befondsing ten bedrae van R3,9 miljoen is in 2019 aan fakulteite en Professionele Administratiewe en Steundiens- (PASD-)omgewings beskikbaar gestel. Fondse is as volg verdeel:

FONDSE GOEDGEKEUR VIR 1STE EN 2DE RONDE



Altesaam 37 inisiatiewe vir sosiale impak is in 2019 per fakulteit en die PASD-omgewings befonds



1.7 Toyota US Woordfees

Die 21ste US Woordfees met die tema "Aanhou beweeg en geraas maak" het van 6 tot 15 Maart 2020 in Stellenbosch plaasgevind. 'n Rekordgetal aansoeke is vir deelname aan die 2020 US Woordfees ontvang, met 'n aanmerklike toename in aansoeke uit die res van Afrika en Europa. Die totale kaartjieverkope het met 10,99% gestyg.

By hierdie jaar se fees het sowat 3 000 kunstenaars in 75 plekke in en om Stellenbosch opgetree. Dit het 96 boekbesprekings, 84 diskokersgesprekke oor aktuele sake, 24 eerste optredes op die teaterprogram, 62 hedendaagsemusiek-konserte, 29 klassiekemusiek-uitvoerings, 15 skerp-skerts-vertonings en 'n filmfees met 12 hoofprente, 8 dokumentêre programme en 20 gratis kortfilms ingesluit, wat altesaam 1 000 vertonings by die 2020 Toyota US Woordfees beloop het. Meer as 600 mense van Stellenbosch het as deeltydse werkers by die fees gewerk.

Die volgende was die hoogtepunte van die fees:

- Die insluiting van dans as 'n uitvoerendekuns-dissipline
- Die gebruik van die Van der Stel-sportgronde vir groter opelegkonserte, soos Karen Zoid en die Kaapse Filharmoniese Orkes, Emo Adams met *Maak my famous*-finaliste en Sho Madjozi
- 'n Fringe-tent met 'n fokus op eksperimentele werk van jonger kunstenaars met 'n algemene bywoning van meer as 70%
- 'n Pendeldiens met 36 voertuie van Toyota, wat parkeer- en verkeerprobleme verlig het
- Die bekendstelling van 'n nuwe webtuiste, met mobiele funksies wat in 2021 ingesluit sal word.



Langtafel (Foto: Henk Oets)

Weens die inperking is die jaarlikse Woordtrofee-toekenningsceremonie as 'n regstreekse geleentheid op Facebook gestroom en deur meer as 4 100 kykers gevolg. Die toekenning vir beste regie is toegeken aan *Die poet, wie's hy?*, saamgestel uit die werke van Adam Small en aangebied in die Adam Small Ouditorium.

Verskeie projekte sal bekendgestel word om die skepping van nuwe werk tydens die pandemie te stimuleer, wat met Skryflaboratoriums in Mei 2020 sal begin. Die 22ste Toyota US Woordfees sal van 5 tot 14 Maart 2021 plaasvind.

Die tydperk Mei tot Augustus 2019 was 'n besige en gebeurtenisvolle tyd vir **WOW**, 'n opvoedkundige bemagtigingsprojek van die US Woordfees. 'n Spesiale toekenningsfunksie waartydens vrywilligers en ambassadeurs wat vir en met WOW werk, vereer is, het op 20 Junie plaasgevind. Verder het 20 leerders van die Karoo-distrik, 5 van Tulbagh, 15 van die metro-suid en 30 van Stellenbosch 'n week lange winterskool in Stellenbosch bygewoon. Sedert 2003 het WOW 'n impak op meer as 'n miljoen lewens op skoolvlak gemaak en talle leerders gehelp om **aan 'n universiteit te studeer**.

Meer as 700 skole in al 9 provinsies het aan die jaarlikse Sanlam WOW Spelfees deelgeneem. Hierdie inisiatief word deur die onderwysdepartemente van die Wes-, Noord- en Oos-Kaap ondersteun. Leerders in die Wes-Kaap ding mee in Afrikaans graad 1–10, Engels Eerste Addisionele Taal graad 5–9 en Xhosa graad 6–9. 'n Rekordgetal van 49 skole het in die Xhosa-kategorie meegeding. Die nasionale eindronde het op 19 Oktober 2019 in Stellenbosch plaasgevind. Die kompetisie bied aan jong leerders vroeë blootstelling aan die US en die geleenthede verbonde aan tersiêre studies.

Met die WOW-projek het skrywers 147 skole in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap in Februarie en Maart 2020 besoek, en só met 18 002 leerders en 304 opvoeders geskakel. Die teikenskole was hoofsaaklik in kwintiel 1 tot 3. Skrywers het 'n aanbieding vir matrikulante gedoen en inligting oor studiegeleenthede en akademiese steun is gedeel. Meer as 3 000 graad 12-leerders en voornemende studente het die WOW-dag tydens die Woordfees bygewoon en inligting oor aansoeke, beurse en kursusse ontvang. Alhoewel alle WOW-aktiwiteite tot verdere kennisgewing opgeskort is, sal steun aan graad 12-leerders aanlyn voortgaan.

'n Kort **nasionale toer** deur die **US Koor**, wat nou onder die US Woordfees val, het in September 2019 plaasgevind, met konserte in Potchefstroom, Sasolburg, Pretoria en Soweto. Die US Koor beklee steeds die eerste posisie in die Interkultur-ranglys vir amateurkore. Die koor het drie uitverkoop vertonings in Maart 2020 gehad voordat die inperking verdere geskeduleerde konserte en 'n buitelandse toer wat vir Julie beplan was, gekniehalter het. Die koor is aktief op aanlyn platforms en sal deur die winter opnames op sosiale media vrystel.

1.8 US Museum

Kuns-rondwandelinge op Woensdae by die US Museum is 'n inisiatief om die Universiteit se kunsversameling, wat oor meer as 'n honderd jaar versamel is, ten toon te stel. Die Museum vertoon elke eerste Woensdag van die maand werke van die US se permanente kunsversameling gratis aan lede van die publiek. Tydens die verslagdoeningstydperk is twee van hierdie rondwandelinge aangebied, wat die werke van kunstenaars soos Irma Stern en Solomon Caesar Malan ingesluit het.

In 'n ander inisiatief organiseer prof Matilda Burden, 'n kultuurhistorikus by die Museum, maandelikse rondwandelinge deur die eeu feesuitstalling 100 artefacts for 100 years. Lede van die Universiteitsgemeenskap word aangemoedig om hierdie etenstydsessies by te woon.

Die US Museum het, in samewerking met die Simon Nkoli Collective en die Eenheid vir Gelykwaardigheid, 'n uitstalling vertoon oor die lewe van wyle Simon Nkoli, 'n beroemde Suid-Afrikaanse anti-apartheid-, gayregte- en vigs-aktivis. Die US het in 2017 die gebou waarin die Eenheid vir Gelykwaardigheid gehuisves word na hom vernoem. Die Museum het ook 'n openbare opvoedkundige program oor die uitstalling aangebied om aan te sluit by Wêreldvigsdag op 1 Desember 2019. Die Simon Nkoli-uitstalling het met 'n uitstalling deur Banele Khoza, wenner van die Absa L'Atelier 2017 Gerard Sekoto-prys, saamgeval.

1.9 'n Gesonde US

'n Strategiese doelstelling van KGD is om te verseker dat US-personeel en -studente ingelig is oor onderwerpe verbonde aan gesondheid en welsyn, en dat aktiwiteite aangebied word om te help om 'n gesonde kampusgemeenskap te bou.

Personeellede verbonde aan KGD het aktief aan die aktiwiteite van verskeie **institutionele taakspanne** deelgeneem oor onderwerpe soos middelmisbruik, voedselsekerheid en geestesgesondheid. Hierbenewens het KGD **nood- mediese steun** by vier institutionele geleenthede gebied om die Universiteit te help om aan nuwe statutêre vereistes vir groot geleenthede met meer as 1 000 toeskouers te voldoen.

Een van die voorkomingstrategieë wat deur KGD gevolg word, is om inligting oor gesondheid en welsyn deur sosialemedia-platforms na personeel en studente te versprei. Ten einde die impak te verhoog, volg temas die kalender van die **Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)**. Die skakels hier onder is voorbeeld van die inhoud wat in die verslagdoeningstydperk versprei is:

- Iron-deficiency anaemia: signs, symptoms and information (30 Augustus 2019)
- Kidney awareness – give your kidneys a second thought (9 September 2019)
- A pain in the back – facts about back pain and how to manage it (12 September 2019)
- Osteoporosis: how do we keep our bones healthy? (20 Oktober 2019)
- World Stroke Day (29 Oktober 2019).

'n Vlagskipprojek op die WGO-kalender is **Hartbewustheidsweek**, 'n internasionale inisiatief wat Wêreldhartdag op 29 September 2019 voorloop. Ten einde wye institutionele deelname te verseker,

het dr Jo-Anne Kirby, KGD-sportgeneeskundige en -projekkoördineerde, met verskeie omgewings, insluitende Maties Sport, MH, die Voertuigpoel asook Biokinetika en Kinderkinetika by die Departement Sportwetenskap in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, geskakel. Etlke boodskappe is op Twitter geplaas met die hutsmerk #MyHeartYourHeart.

Daar is talle risikofaktore vir hartsiektes wat met oefening voorkombaar of herstelbaar is. 'n Belangrike fokus van die veldtog was dus om gereelde liggaamlike aktiwiteit en "BESST practice", 'n akroniem vir "blood pressure check, exercise, stop smoking, reduce salt and tell others" (sien links onder), aan te moedig.



Promosiemateriaal vir Hartbewustheidsweek



US-personeel by die 4 km-welsynpretlauf

Aktiwiteite vir personeel en studente het 'n 4 km-welsynpretlauf (sien foto bo), daaglikske etenstydsessies by Tygerberg Gimnasium en mediese sifting op die Rooiplein ingesluit. Die veldtog is in media soos *Die Burger* en *Bolander Lifestyle* gedek.

Geestesgesondheidsverwante kwessies onder personeel en studente bly 'n bron van kommer. Verskeie intervensies is dus geïmplementeer om hierdie en ander behoeftes van die institutionele gemeenskap aan te pak.

Gevestigde **sosialemedia-platforms** word gebruik om gesondheidsinligting te versprei. In die verslagdoeningstydperk het die aantal volgers van hierdie plasings op Twitter met 7% en op Facebook met 8,4% toegeneem.

Inligting wat tydens die verslagdoeningstydperk versprei is, het gehandel oor diabetes en retinarisiko (insluitende 'n skakel na 'n mobiele toepassing om die risiko van

retinasiekte te bepaal); geestesgesondheid; borskanker; 'n gesonde leefstyl; en die Internasionale Dag vir Persone met Gestremdhede, Wêreldkankerdag, Internasionale Epilepsiedag en Swangerskapdag.

KGD plaas ook **opvoedkundige webinhoud** gekoppel aan die WGO se gesondheidskalender. Die volgende artikels is in die verslagdoeningstydperk deur KGD-personeel geskryf: [World Antibiotic Awareness Week](#), [World AIDS Day](#), [World Disability Day](#), [Coronavirus: What we know currently](#), [World Cancer Day](#), [Eye-health: Glaucoma and what we should know](#), [Salt intake and your kidneys: how are they linked?](#), [Banged your head? World Head Injury Awareness Day](#), [I'm a healthcare worker – what's your superpower?](#) en [World TB Day](#).

Gesondheid en welsyn tydens COVID-19

KGD het die internasionale uitbreking van COVID-19 vroeg in Februarie gemonitor en 'n raadgewende rol vir akademiese departemente, koshuisomgewings en Maties Sport gespeel voor die stigting van die US se Mediese Gebeurlikheidskomitee. In hierdie vroeë tydperk is ses personeellede vir toetsing na privaat laboratoriums verwys en nege en twintig is deur KGD-personeel getoets.



Stellenbosch University Campus Health Services
Published by Susan Crumpton | 7 March 5 0

The first case of the COVID-19 virus has reached South Africa. There is no need to panic. All Stellenbosch staff and students can call Campus Health Service with any queries. If you are feeling unwell, please stay where you are and contact us for further advice.

COVID-19 VIRUS
CALL CAMPUS HEALTH WITH
QUERIES

DURING OFFICE HOURS:
STELLENBOSCH: 0218083496 / 3494
TYGERBERG/BELLVILLE: 0219389590
AFTER HOURS: 076 431 0305

Performance for Your Post

587 People Reached		
15 Likes, Comments & Shares	On Post	
10 Likes	10 On Post	0 On Shares
0 Comments	0 On Post	0 On Shares
5 Shares	5 On Post	0 On Shares
48 Post Clicks		
6 Photo Views	0 Link Clicks	42 Other Clicks
NEGATIVE FEEDBACK		
0 Hide Post	0 Hide All Posts	
0 Report as Spam	0 Unlike Page	

Reported stats may be delayed from what appears on posts

Deurlopende kommunikasie is tussen KGD en die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie (AKK) gehandhaaf om die nuutste en omvattende inhoud op die amptelike COVID-19-blad van die Universiteit te deel. Die KGD-webtuiste en sosialemedia-bladsye deel hierdie inhoud tesame met inhoud verskaf deur die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (Nios) en die WGO.

Nadat die inperking deur president Cyril Ramaphosa aangekondig is, het die fokus na die volgende verskuif:

- Aanvanklike deelname aan die aktiwiteite van die Institusionele Komitee vir Sakekontinuïteit
- Aktiewe betrokkenheid by twee werkstrome, hoofsaaklik die Mediese Gebeurlikheidskomitee en die werkstroom vir Personeel: MH en Gesondheid en Welsyn
- Voortgesette beraadslaging met die afdelings Aankope en Studentesake oor die huidige studente in koshuise asook die hertoelating van studente, soos die senior mediese studente by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, tot die kampus
- Bywoning van verskeie webinare wat deur Nios, Higher Health SA, Mediclinic en verskeie ander groepe gereël is, wat inligting gee oor die nuutste protokols oor voorkoming van die verspreiding van die virus, die hantering van mense met simptome, versekering van gesonde en veilige werkplekke en die terugkeer van die arbeidsmag en studente na werkruimtes en kampusse
- KGD-personeel was nou betrokke by beplanning by die Stellenbosch Hospitaal en reellings vir die dorp Stellenbosch
- Voortgesette noue kommunikasie met Mediclinic om protokols en prosesse te ondersteun wat in hierdie hospitale in werking gestel is.

Tydens die vlak 5-inperking het die gebeurlikheidsplan wat deur KGD ingestel is aanleiding gegee tot voortsetting van dienste op sowel die Stellenbosch- as die Tygerberg-kampus, inlyn met nasionale gesondheidsorgprotokols. Die klinieke bly dus fisies oop vir noodsaaklike mediese dienste vir personeel en studente. KGD het ook as 'n siftingsfasiliteit (nie 'n toetsingfasiliteit nie) gedien om ons beperkte aantal gesondheidsorgwerkers te beskerm en te verseker dat die kliniek nie gesluit word weens die toetsing van positiewe gevalle nie. KGD het ook 'n 24 uur-nommer beskikbaar gestel, wat deur 'n mediese dokter beman word, om gesondheidsverwante inligting aan personeel en studente wat tydens die inperkingsperiode in Suid-Afrika woon, te bied. KGD het as 'n hub gedien vir die verspreiding van COVID-19-verwante inligting en protokols asook dienste beskikbaar aan personeel en studente.

Alle institutionele gesondheids- en welsyndienste en -hulpbronne is gekombineer in 'n sprongblad gekoppel aan inligtingswebwerwe om personeel in hierdie buitengewone en uitdagende tyd te ondersteun. Dit sluit in die nuutste COVID-19-protokols rakende gesondheid en bestuur, Werknemerbystandsprogramme (WBP's) en voorbereidingsinisiatiewe en -dienste.

Algemene gesondheids- en welsynaktiwiteite

Respiratoriiese infeksies kom steeds algemeen op die kampus voor. Vroeg in 2020 is **110 grieppgevalle** (ongeveer 100 meer as in dieselfde tydperk in 2019), hoofsaaklik in Februarie, aangemeld. 'n Verdere **35 gevalle** is in Maart 2020 hanteer. Patologiedienste in die gebied skryf die meerderheid gevalle toe aan influenza A (die H1N1-virus). 'n Daadwerklike griepinspuitingspoging om die gevolge van seisoenale griep te verminder, is van stapel gestuur. Tydens die inperking is 120 senior mediese studente wat teruggekeer het vir kliniese onderrig en 37 plaaswerkers op die US-plase ingeëent. 'n Interne inentingsprogram vir Fasiliteitsbestuur word tans toegepas.

Wêreldhipertensiedag is op 17 Mei en het nie volgens plan verwesenlik met besoeke aan omgewings en fakulteite om bewusheid rakende die COVID-19-pandemie te kweek nie. 'n Aanlyn bewusmakingsveldtog gefokus op hoë bloeddruk het egter plaasgevind.





TEMA 2:

'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Voorsien 'n unieke, verpersoonlikeerde studente-ervaring wat dien as katalisator vir transformasiegerigte verandering te middel van geleenthede vir betrokkenheid en ontwikkeling deur 'n eersterangse akademiese aanbod, wat graduandi toerus om in 'n diverse wêreld die leiding te neem en uit te blink.
- Ontwikkel ons studente se graduandi-kenmerke om 21ste-euse burgers te wees en hulle volle potensiaal te verwesenlik.
- Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang en inklusiwiteit te verbeter.
- Verbeter ons studenteslaagsyfer deur opvoedkundige innovasie.
- Lewer omvattende steudienste van 'n hoë gehalte aan ons studentegemeenskap.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumnigemeenskap uit.
- Skep gepaste geleenthede vir werksgéïntegreerde leer vir 'n suksesvolle loopbaan en 'n positiewe impak op die samelewing.

TEMA 2:

'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING



2.1 Institusionele Transformasiekomitee

Die US se ITKS is saamgestel. Lede van die ITKS het die oorkoepelende **ITK** se jaarlikse strategiese beplanningswerkswinkels op 7 Februarie 2020 bygewoon. Die ITK, wat uit verteenwoordigers van alle US-omgewings bestaan, is 'n onontbeerlike meganisme om geïntegreerde, inklusiewe en doelgerigte reaksies op transformasiesake oor die kampus heen te bevorder.

2.2 Transformasie-inisiatiewe

Die Transformasiekantoor het in die tweede semester in 2019 'n reeks **werkswinkels** getiteld "Understanding racism" vir Bedryfsingenieurswese-studente aangebied. 'n Studentetransformasie-**indaba** is op 1 Augustus 2019 in die Fakulteit Ingenieurswese gehou. Die geleentheid het 'n platform gebied waar klasverteenvoordigers belangrike transformasie-uitdagings vir studente in die Fakulteit kon bespreek en oplossings kon voorstel. Die besprekings is in 'n verslag opgesom en aan die Fakulteitsbestuur voorgelê.

Die Transformasiekantoor het vier studente gevra om hul ervarings van Cape Town Pride te deel. Hul stories is gepubliseer in 'n artikel getiteld "[Cape Town Pride: Maties Write](#)" (4 Maart 2020).

Die "Writing for Change"-inisiatief sal nou in die tweede semester bekendgestel word. "Writing for Change" is 'n reeks van 12 werkswinkels oor 12 weke om 'n groep van 15 studente op te lei wat daarin belangstel om skryfvaardighede vir meningstukke, hoofartikels en ondersoekende joernalistiek, veral op die gebied van transformasie, te verwerf. 'n Versoek om aansoeke is op 9 Maart in sosiale media geplaas.

WRITING FOR CHANGE

CALL FOR APPLICATIONS

The Stellenbosch University Transformation Office in partnership with the SU Writing Lab is offering selected students the chance to learn how to write for impact, change and transformation in a new interactive and fully funded writing programme spanning twelve sessions in the upcoming semester.

Stellenbosch University Transformation Office

March 9

CALL FOR APPLICATIONS: WRITING FOR CHANGE

The Stellenbosch University Transformation Office in partnership with SU Writing Lab is offering selected students the chance to learn how to write for impact, change and transformation in a new interactive and fully funded writing programme spanning twelve sessions in the upcoming semester.

For more information and for details on how to apply please look at the poster. Applications close 31 March 2020.

You and 7 others 3 Comments 11 Shares

Love Comment Share

2.3 Opleidings- en plasingshub vir vrywilligerswerk

'n Nuwe inisiatief van Matie Gemeenskapsdiens (MGD) om 'n vrywilligeropleidings- en -plasingshub vir studente te ontwikkel, is op die kortlyk vir die internasionale MacJannet-prys (in 2019 en 2020) geplaas. Dit is 'n internasionale kompetisie wat erkenning gee aan uitsonderlike studentegemeenskapsbetrokkenheid en -diens.

Die **Sosiale Impak Hub** gaan die huidige vrywilligergeleenthede vir sowel studente as personeel uitbrei en sal direkte skakels met 'n aantal vennote in en om Stellenbosch hê. Dit sal toepaslike geleenthede aan 1 500 studente uit al tien die US-fakulteite vir werkverwante leer en positiewe sosiale impak bied. Die doel van die inisiatief is om ons studente se graduandienskappe te bevorder, spesifiek om hulle as betrokke burgers en afgeronde individue toe te rus.

Die wederkerige aard van vrywilligerwerk is tot voordeel van sowel studente as gemeenskappe. Deur gemeenskapsbetrokkenheid kry studente die geleentheid om die akademiese kurrikulum op werklike situasies toe te pas, terwyl die gemeenskap voordeel trek uit die dienste wat studente bied.

Die opleidings- en plasingshub is gestig in reaksie op die **NSFAS-beursvereistes** van 80 uur burgerlike betrokkenheid. Intussen gaan **gewone plasings** as deel van kurrikulumvereistes voort.

Die opleidings- en plasingshub bied 'n geakkrediteerde opleidingskursus, "Activating Engaged Citizenship", wat uit gemengde aanlyn leer, insluitende persoonlike interaksie, bestaan. Hierdie ko-kurrikulum-ervaringsleergemeentelikheid sal tot 'n omgewing bydra waar studenteleer verryk en die toepaslikheid van navorsing bevorder word. Die kursus sal aanvanklik deur 'n loodsfasie (vir alle studenteleiers) bekendgestel word en dan ekstern na alle belangstellende partye uitgebrei word, insluitende ander universiteite en nieregeringsorganisasies.

Studentevrywilligers is verbind daartoe om 'n impak in die lewens van jongmense te maak. Vrywilligergeleenthede skep 'n leergeleenthed vir studente om graduandienskappe te ontwikkel wat hulle vir hul loopbane en die algemene samelewing sal toerus. MGD het die plasings

van 79 eerstejaarstudente van Maatskaplike Werk by Pebbles, Prochorus-jeugsentrum, Laerskool Vlottenburg en Stellenbosch Safehouse vir die 2020- akademiese jaar gefasiliteer.

Uitdagings:

- Alle direkte gemeenskapsaktiwiteite is weens die COVID-19-pandemie uitgestel.
- COVID-19 het 'n impak op die belangrike uitkomste van die loodsfasie van die kortkursus, soos die ervaringskomponent van die opleidingskursus, aangesien ons persoonlike opleiding en voorbereiding van nieregeringsorganisasies nie kon plaasvind nie.
- MGD kon tydlyne wysig en herformateer vir die lewering van "Activating Engaged Citizenship" ten einde steeds die verwagte uitkomste te behaal en data in te samel om verdere verbetering van die kursus ná die loodsfasie te bereik.

Geleentheid:

- Die Afdeling Sosiale Impak het 'n besprekingsdokument oor die rol van die Universiteit in reaksie op COVID-19 en daarna ontwikkel, wat aan die subkomitee van die Institusionele Komitee vir Sakekontinuïteit voorgelê is. Hierdie dokument sal ook befondsingskriteria vir inisiatiewe van fakulteite en PASD-omgewings wat spesifiek gemik op behoeftes wat weens COVID-19 geïdentifiseer is, rig. Die dokument sal dus in Mei 2020 by die vergadering van die Sosiale Impak Befondsingskomitee ter tafel gelê word.



2.4 Sosiale Impak Gemeenskapsoggend

MGD het aan ons nuwelingstudente die geleentheid gebied om op 30 Januarie 2020 aan die jaarlikse Sosiale Impak Gemeenskapsoggend deel te neem. Studente het verskeie **gemeenskapsvennote** ontmoet wat by inisiatiewe vir sosiale impak in en om Stellenbosch en die Tygerberg-omgewing betrokke is.

Die Sosiale Impak Gemeenskapsoggend sluit aan by die US se visie van die bevordering van kennis tot diens van

die samelewing, die missie om plaaslike gemeenskappe te verryk en te transformeer en die strategiese tema van die bou van doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke.

Ayrton Jackson, die Goldfields-huiskomiteelid vir Sosiale Impak, het gesê: "Dit is een van die talle maniere waarop die Universiteit Stellenbosch sy deure vir die gemeenskap oopmaak. Ons wil hê die eerstejaars moet weet dat Stellenbosch nie **net 'n universiteit is nie**; dit is **ook 'n dorp en 'n gemeenskap**."



Goldfields-koshuis het leerders van 'n plaaslike skool vermaak met speletjies, gesigverf en etepakkies.

2.5 "HealthyUS"-kortkursus

Die "HealthyUS"-kortkursus is ontwikkel in samewerking tussen personeel by KGD en die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO), en is deur die Frederick Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling aangebied. Hierdie kursus word onderstut deur 'n sterk fokus op **geestes- en liggaamlike gesondheid**. Studente skakel op omvattende wyse met professionele mense ten einde insigte te verkry en vaardighede toepaslik op hul konteks te ontwikkel.

2.6 Gesamentlike werkgroepe vir die bekamping van geslagsgebaseerde geweld

Gesprekke tussen studente en die bestuur oor GBG sedert September 2019 het gelei tot die stigting van gesamentlike werkgroepe om hierdie probleem te bekamp (lees ook die [memorandum](#) van die Anti-GBV Movement SU en die bestuur se [reaksie](#)).

Die doel van die werkgroepe is om 'n sistemiese reaksie te ontwikkel vir die bekamping van GBG deur bespreking van die kwessies wat in die memorandum ter sprake gekom het en die US se reaksie daarop. Die ses werkgroepe word deur 'n lid/lede van die Rektoraat bestuur. Groepslede bestaan uit verteenwoordigers van die Universiteitstrukture wat die grootste toepaslikheid het op die onderwerpe wat bespreek word, asook uit die studentegemeenskap.

Die werkgroepe rapporteer deur die senior direkteur van Studentesake aan die Rektoraat. Die groepe het weer in Februarie 2020 vergader en beplan om 'n **eerste konsepverslag** aan die begin van **April 2020** gereed te hê, wat aan die Rektoraat voorgelê sal word. Hierna sal verdere werk bepaal word en aan die US-gemeenskap gekommunikeer word.

Ten einde toegang tot die werkgroepe te verbreed, is studente en personeel uitgenooi om skriftelike insette aan die onderskeie voorstellers voor te lê.

Gesamentlike werkgroep	Voorsitter	Rectorate member(s)
Waardes en beginsels	Me Monica du Toit	Prof Eugene Cloete & Dr Ronel Retief
Veiligheid en sekuriteit	Dr Viljoen van der Walt	Prof Stan du Plessis
Opleiding en bewustheid	Me Tonia Overmeyer	Prof Nico Koopman
Kosmiese en strukture	Me Ruth Andrews	Prof Arnold Schoonwinkel
Prosedures en prosesse	Me Felicia van Rooi	Dr Ronel Retief
Geestesgesondheid en alkohol- en middelmisbruik	Dr Munita Dunn-Coetzee	Prof Wim de Villiers & Hester Klopper





TEMA 3:

DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Ontwikkel 'n raamwerk van beginsels om plaaslike relevansie, streeksimpak en 'n globale reikwydte te verseker ten einde transaksionele vennootskappe te faciliteer en transformerende vennootskappe te bevorder.
- Bevorder 'n sterk band en interaksie met die sakesektor, die bedryf en die regering om ons sterkpunte te benut, wat werksgeïntegreerde leer, voortgesette professionele ontwikkeling, samewerkende navorsing, konsultasie, lisensiëring, afwentelmaatskappye en kommersiële ondernemings insluit.
- Omarm die gemeenskappe wat ons bedien om sosiale, kulturele, omgewings- en ekonomiese ontwikkeling en verandering teweeg te bring.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumnigemeenskap uit, en koester ons verhouding met hulle.
- Bou doeltreffende samewerking deur middel van vennootskappe, alliansies en netwerke met ander universiteite, instellings en organisasies, waar sodanige samewerking tot uitnemendheid in onderrig en leer, uitmuntende navorsing en sosiale betrokkenheid en impak bydra.
- Koester gebalanseerde, genetwerkte en wedersyds voordelige vennootskappe wat deur institusionele strukturering sowel as persoonlike verhoudings gehandhaaf word.
- Smee gepaste vennootskappe met instellings in alle sektore van die samelewing, onder meer in die sfere van die burgerlike samelewing, openbare diskoers, openbare meningsvorming en openbare beleidsbepaling.

TEMA 3:

DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

3.1 Betrokkenheid van belanghebbendes by nasionale dae en strategiese temas

Die Rektoraat het weer 'n jaarlikse raamwerk vir betrokkenheid deur belanghebbendes by die US goedgekeur. Die raamwerk, wat voortbou op die grondslag wat sedert 2017 gevestig is, is in die vorm van 'n kalender wat verskillende dele van die akademiese jaar aan nasionale dae en, vernaamlik, temas van ons strategie en beleidsdokumente koppel.

Fakulteite, afdelings en alle ander omgewings by die Universiteit is aangemoedig om hierdie eenbladsy-raamwerk te gebruik om hul betrokkenheid by en samewerking met ons **belangrikste belanghebbendes** te beplan. Sodoende sal ons aktiwiteite en gebeurtenisse gekoördineer word om groter sinergie en impak te verseker. Die Transformasiekantoor bring jaarliks 'n uitdrukking van hierdie raamwerk voort, genaamd Imbizo 365. Die doel hiervan is om omgewings in staat te stel om op institusionelevlak by transformasieverwante aktiwiteite betrokke te raak en dit inlyn te stel met die nasionale kalender en die Universiteit se strategiese raamwerk.

Vir Jeugdag in Junie 2019 het die Transformasiekantoor saam met die Fakulteit Teologie 'n lesing deur US-alumna me Lovelyn Nwadeyi getiteld "Born-frees and democracy – freedom and responsibility" aangebied. Die tema vir Junie was die US se kern- strategiese tema van 'n "transformerende studente-ervaring".

Die Transformasiekantoor het ook die volgende as deel van die Imbizo 365-program aangebied:

- 'n Womxn's Month-poësiegeleentheid op 14 Augustus 2019
- 'n Loslitdag-viering in samewerking met die Eenheid vir Gestremdhede in ooreenstemming met hierdie jaar se tema, "Twenty-five years of shining with people living with disability", op 6 September 2019
- 'n Erfenisdag-geleentheid in samewerking met die Afdeling Sosiale Impak, WOW en E'boscsh getiteld "Genetics, ancestry and heritage – a South African view" op 17 September 2019
- 'n Paneelbespreking getiteld "What do we do with the music of alleged and convicted sexual offenders?" op 19 September 2019

- Die vertoning van die film People vs Patriarchy gevvolg deur 'n bespreking in samewerking met Studentesake op 25 September 2019.

Die Transformasiekantoor het ook 'n kernrol gespeel in die verskaffing van toegang tot belangrike geleenthede vir US-studente tydens die anti-GBG-proteste. Die Kantoor het vervoer na die Uyinene Mrwetyana-gedenkdiens by die Universiteit van Kaapstad op 4 September 2019, die anti-GBG-optog na die Parlement op 5 September 2019 asook die studenteleierskapdialoog oor GBG in die hoër onderwys aangebied deur die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie op 8 Oktober 2019 verskaf.

Ter viering van Vryheidsdag 2020 het die Transformasiekantoor 'n reeks kort video's saamgestel en gepubliseer wat besin oor die vrae "Wat beteken vryheid vir jou?" en "Wat is jou mening oor vryheid tydens hierdie tydperk van inperking?"

3.2 Kaapse Hoëronderwyskonsortium

Die US is 'n lid van die Kaapse Hoëronderwyskonsortium (CHEC), met prof Nico Koopman as voorstitter. CHEC het vennootskappe met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaap regering. Dit word deur beheerkomitees bestuur wat bestaan uit verteenwoordigers van verskeie staatsdepartemente en van die vier universiteite in die Wes-Kaap. In die verslagdoeningstydperk het ons Afdeling Sosiale Impak die **befondsing** van twee **US-navorsingsprojekte** in die sfeer van die CHECK-raamwerk gefasiliteer – een elk in die fakulteite AgriWetenskappe en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

3.3 Vennootskappe vir sosiale impak tydens COVID-19

In die lig van die internasionale COVID-19-pandemie het die Afdeling Sosiale Impak besluit om met bestaande belanghebbendes en vennote saam te werk om plaaslike en provinsiale inisiatiewe te ondersteun. Hierdie belanghebbendes sluit onder ander in Stellenbosch Munisipaliteit, die Stellenbosch Civil Advocacy Network, Visit Stellenbosch en die Wes-Kaap departemente van Gesondheid en Vervoer en Openbare Werke.

Aktiwiteite is op die volgende behoeftes gemik:

– **Voedsel**

Die US het saamgewerk aan die stigting van 'n platform om voedselsekerheid in Stellenbosch te ondersteun, naamlik Stellenbosch Unite, 'n Aid Action-beweging met die doel om maatskaplike steun aan kwesbare gemeenskappe tydens die COVID-19-pandemie te bied. Hierdie platform verskaf daagliks kos aan verskeie huishoudings en sal in die afsienbare toekoms daarmee voortgaan.

– **Dakloosheid**

Daklose mense in Stellenbosch is aanvanklik in 'n tentkamp in Klapmuts gehuisves. Op grond van druk deur plaaslike strukture is besluit om hulle na die Van der Stel-saal te verskuif. Die US het 60 matrasses en 50 komberse beskikbaar gestel om die munisipaliteit te ondersteun.

– **Rampbestuur**

Die US skakel direk met die plaaslike rampbestuurskantoor en vorm deel van die daaglikse Gesamentlike Bedryfskomitee van die plaaslike munisipaliteit deur die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie. Rampbestuursverwante sake word by 'n daaglikse vergadering van hierdie komitee bespreek, waar die municipale direktorate asook, onder ander, verteenwoordigers van die departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling verteenwoordig word.

– **Steun aan projekte**

Deur Stellenbosch Unite het die US ingestem om verskeie inisiatiewe te ondersteun wat met maatskaplike en ekonomiese steun verband hou, insluitende befondsingsmoontlikhede in lyn met die US se bestaande vennootskappe.

– **MFM**

MFM het ingestem om hul radioplatform beskikbaar te stel om daagliks boodskappe van die distrikskantoor van die Departement van Gesondheid uit te saai. MFM saai boodskappe oor COVID-19, insluitende gesondheidswenke, algemene statistieke, die rol van die Departement van Gesondheid asook die voortgesette sifting wat in Stellenbosch plaasvind, uit. Die platform is ook aan die distrikskantore van die Wes-Kaapse Onderwysdepartment en Stellenbosch Munisipaliteit aangebied.

– **Steun aan provinsiale departemente**

Die US het selfisolasie- en kwarantynfasiliteite aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke in geval van COVID-19-verwante noodgevalle beskikbaar gestel.

– **COVID-19-riglyne vir sosiale impak**

Die Afdeling Sosiale Impak het ook riglyne ontwikkel rakende sake soos waar inisiatiewe vir sosiale impak tans kan en nie kan voortgaan nie asook befondsing vir sosiale

impak (en COVID-19-spesifieke befondsing). Hierdie riglyne is op 8 April 2020 by 'n buitengewone vergadering van die Sosiale Impak Komitee goedgekeur.

Die Afdeling Sosiale Impak verteenwoordig die US in die Stellenbosch Civil Society Advocacy Network in gesprekke oor hoe die netwerk gemeenskappe met COVID-19-verligtingspogings kan bystaan. Daar is besluit om op voedselsekerheidspogings te fokus. Die netwerk is deel van Stellenbosch Unite, en het befondsing, donasies en die verskaffing van kospakkies vir organisasies vir verdere verspreiding na behoeftige gesinne gekoördineer.

Die Afdeling Sosiale Impak het ook die deel van inligting oor US-inisiatiewe verbonde aan COVID-19 met staatstrukture soos die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse regering (deur CHEC) asook landelike munisipaliteite soos die Tuinroete Distriksmunisipaliteit, Oudtshoorn Munisipaliteit en Bredevallei Munisipaliteit gekoördineer.

Die Afdeling Sosiale Impak, die US Waterinstytut, Stellenbosch Munisipaliteit en Imbila Strategic Services het vergader om te bespreek hoe die projek "Water and Sanitation in Enkanini" die gemeenskap met COVID-19-reaksiepogings kan bystaan. 'n Gedeelte van die projekbefondsing is aangewend om te help met die deel van inligting oor COVID-19 met behulp van die projek se gemeenskapsgebaseerde veldwerkers in Enkanini. Die projek het by StelCOVID Action aangesluit om fondse in te samel, inligtingsbrosjures oor COVID-19 te vervaardig en te versprei en sanitêre pakkies te verskaf.

3.4 Sosiale Impak Simposium

Die tema van die jaarlikse Sosiale Impak Simposium op 6 September 2019 was "Social impact through learning and teaching and research: Enhancing ethical partnerships". Die doel was tweeledig: (i) om te besin oor vordering met die implementering van sosiale impak as 'n strategiese prioriteit van die US, en (ii) om beter te verstaan hoe inisiatiewe vir sosiale impak deur etiese en doelgerigte vennootskappe geïmplementeer word.

Die verrigting het 'n bespreking oor die etiese beginsels van sosiale impak ingesluit. Die paneeldele was:

- John Volmink, Umalusi;
- Vhonani Netshandama, Suid-Afrikaanse Gemeenskapsbetrokkenheidsforum vir Hoër Onderwys;
- Otto van Noie, Stellenbosch Co-management Forum; en
- Caroline Peters, Vrouuebeweging van die Kaapse Vlakte.

By die geleentheid kon afgevaardigdes 'n oop gesprek voer oor die manier waarop instellings meer betekenisvol by eksterne gemeenskappe betrokke kan raak om gedeelde waarde te skep.



Deelnemers aan die 2019 Sosiale Impak Simposium


Die volgende inisiatiewe wat saaibefondsing vir 2019 ontvang het, het ook aanbiedings by die simposium gelewer:

- Die gebruik van 'n fotonovelle in die stryd teen tikkiesbruik – Burt Davis, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Wetenskapkommunikasie: Genadendalgemeenskap – Rhoda Malgas, AgriWetenskappe
- Kayamandirivier-vennootskap – Leanne Seeliger, US Waterinstituut.

3.5 US fasiliteer skepping van Lückhoff Lewende Museum 50 jaar ná gedwonge uitsetting

In 1969 is leerders van Lückhoff Skool in Banhoekweg, Stellenbosch, ingevolge die Wet op Groepsgebiede van 1950 gedwing om hul geliefde skool te ontruim en hulle in die nuwe Lückhoff Skool in Idasvallei te hervestig – sommige met skoolbanke en al.

Twee van daardie oorspronklike skoolbanke is op 16 November 2019 aan die skool terugbesorg, 50 jaar ná die gedwonge uitsetting. Die oorhandiging het by 'n spesiale seremonie aangebied deur die US plaasgevind as 'n gebaar van **herstellende geregtigheid** en deel van die proses om die Lückhoff Lewende Museum te ontwikkel.



Mnr Whaleed February, 'n voormalige Lückhoff Skool-leerder, op een van die skoolbanke wat aan die skool terugbesorg is.

Foto: STEFAN ELS

In 2007 het wyle prof Russel Botman uitreikaksies na hierdie gemeenskap gelei toe die ou Lückhoff Skoolgebou simbolies aan die oorspronklike eienaars hertoegewy is.

Hierdie gebou dien nou as die **Lückhoff Lewende Museum**, 'n plek wat die US en breër Stellenboschgemeenskap kan besoek om foto's, films, uitstallings en

portrette te besigtig, vervloë dae te onthou en kritiese dialoë te voer. Plante word tans gemaak om visuele vertonings te skep, kaarte aan te bring van waar mense gewoon het en waar die kerke, moskees, barbierswinkels, bioskoop en sportklubs was, en stories te vertel van die speletjies wat kinders gespeel het en die gebeure wat in die gemeenskap plaasgevind het.

3.6 Transformasievennootskappe

Die US se Transformasiekantoor is 'n koördinerende vennoot met die Universiteit van Kaapstad en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie in die Inclusive Practice Speaker-reeks. Die doel van die seminaarreeks is om betekenisvolle dialoog oor transformasiepraktik tussen universiteite, die burgerlike samelewing, besighede en die regering aan te moedig. Die tweede seminaar is op 5 Mei 2020 virtueel deur die Transformasiekantoor aangebied, met 'n seminaar en werkswinkel aangebied deur Ilze Olckers getiteld "Transformation praxis in higher education: Institutional cultures as living curricula".

Die Transformasiekantoor is ook 'n koördinerende vennoot in die ontwikkeling van die Aanlyn Hulpbron vir Hoëronderwystransformasie. Dit is 'n belangrike vennootskap tussen die US en die Leerstoel vir Kritiese Studies in Hoër Onderwys en Opleiding. 'n Voorlegging vir strategiese befondsing van aspekte van die projek was reeds suksesvol.

Dr Claire Kelly is 'n lid van die reëlungskomitee vir die eerste konferensie van die Transformasiebestuurdersforum wat later in 2020 aangebied sal word.

As deel van die US se Jaar van Persone met Gestremdheid publiseer die Transformasiekantoor in samewerking met die Eenheid vir Gestremdhede 'n reeks maandelikse artikels deur persone met gestremdhede aan die US. In hierdie kwartaal is die volgende artikels gepubliseer: "I have cerebral palsy, but I don't let it define me" (30 Maart 2020) en "Disability as part of diversity is moving at Maties" (25 Februarie 2020).

3.7 Transformasie-indaba

Die Transformasiekantoor het op 17 Oktober 2019 die US se derde jaarlikse Transformasie-indaba aangebied. Die geleentheid was in reaksie op die vraag #StelliesWhereAreYou? wat tydens die onlangse anti-GBG-aktiwiteite op sosiale media geplaas is.

Die dag het begin met 'n programmeerde deur prof Loretta Feris, die adjunkvisekanselier vir transformasie by die Universiteit van Kaapstad. Dit is gevolg deur insette op die gebiede van menslike hulpbronne, studentesake, navorsing, onderrig en leer asook transformasie-infrastruktuur. Die middagsessie het lewendige tafelgesprekke oor hierdie temas behels.

3.8 US Museum

In November 2019 het dr Mosa Phadi, Ubuntu Dialogues-programbestuurder, en me Natasha Coltman, US Museum-administrateur, 'n programbeplanningsbesoek by **Michigan Staatsuniversiteit (MSU)** afgelê. **Ubuntu Dialogues** is 'n internasionale kultuuruitruilprogram tussen die US Museum en MSU wat deur die Andrew W. Mellon Stigting befonds word. Dr Phadi het ook 'n referaat by 'n seminaar aangebied wat deur MSU se African Studies Center georganiseer is. Dit het die grondslag gelê vir 'n besoek aan MSU deur 'n US-kohort van tien studente vir 'n tweeweek-internskap in Junie 2020. Die US sou weer tien MSU-studente-interns in Mei 2020 ontvang.

Die Ubuntu Dialogues-program se eerste seminaar is by MSU aangebied. Die US- doktorale kandidaat mnr Pfunzo Sidogi was die eerste nagraadse genoot wat op 11 November 2019 'n referaat by MSU aangebied het. Sy aanbieding, wat op sy doktorale proefskrif gegrond was, het gehandel oor 'n ondersoek na ubuntu-estetika in visuele uitbeeldings van die 20ste eeuse stadslewe van swart mense in Suid-Afrika. In die verslagdoeningstydperk is twee *Ubuntu Dialogues*-studentegesprekke ook in Oktober 2019 as deel van 'n reeks van vier aangebied. Dit behels aanlyn besprekings tussen US- en MSU-studente met behulp van 'n virtuele skerm.

As 'n venoot van die **Nelson Mandela Museum** het die US Museum ook 'n kortkursus aan personeellede van genoemde fasilitet aangebied.

In Desember 2019 het mnr Bongani Mgijima, direkteur van die US Museum, deelgeneem aan 'n China–Suid-Afrika-werkswinkel oor ontasbare erfenis, wat in China deur die **Adjunkvisekanselier: Strategie en Internasionalisering aan die US** aangebied is. Hy het 'n praatjie gelewer oor die wetgewende raamwerk

vir erfenisbewaring in Suid-Afrika. Ashley Walters en Stephané Conradie van die Departement Visuele Kunste en Ncebakazi Mnukwana van die Departement Musiek was ook onder die genooide afvaardiging van die US. Yunnan Universiteit en die US het 'n samewerkingsooreenkoms.


Die Museum het praatjies aangebied deur Faghmeda Miller (die eerste Moslemvrou in Suid-Afrika wat haar MIV-status openbaar het) en Vuyiseka Dubula-Majola (direkteur van die US se Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur) as deel van die aanbieding van die **Simon Nkoli-uitstalling**, wat in September 2019 deur regter Edwin Cameron geopen is.

Die Museum is voorts vir 'n **2020 Leading Culture Destinations-toekenning** in die "Soft Power Destination of the Year" genomineer. Leading Culture Destinations is 'n kultuurreisnetwerk wat kuns-en-kultuurentoesiaste aan die opwindendste kultuurbestemmings in die wêreld bekendstel. Die toekennings word die '**Oscars vir museums**' genoem en fokus op die mees buitengewone gevestigde en ontlukende kultuurinisiatiwe oor die wêreld heen. 'Soft power destinations' is bestemmings wat nie net aan besoekers 'n heerlike ervaring bied nie, maar ook mense se sienings in die proses **transformeer**.

US Museum reageer op die COVID-19-uitdaging

Vir die US Museum was die grootste verlies weens COVID-19 die Ubuntu Dialogues. Hierdie uitruilprogram maak dit vir studente van die twee instellings moontlik om in die buitenland indiensopleiding te ontvang. Die US sou tien interns van MSU in Mei ontvang, wat as interns by die Robbeneiland Museum, Iziko Museums, die Universiteit Stellenbosch Biblioteek, die Lwandle Migrant Labour Museum en die US Museum geplaas sou word. 'n US-kohort van tien studente sou in Junie 2020 na MSU vertrek. As gevolg van die COVID-19-pandemie moes al hierdie planne gekanselleer word.

US Museum internasionale besoekers 2020



US Museum se vennootskappe

Die Museum se deure is op 16 Maart 2020 vir die publiek gesluit op grond van die Universiteit se uitvoerende besluit om die teenwoordigheid van internasionale besoekers op kampus as gevolg van die uitbreking van COVID-19 te beperk. Sedert die begin van 2020 is die US Museum deur 166 internasionale besoekers besoek. Die grafiek hier onder toon die internasionale besoekers wat tot en met die sluiting op 16 Maart ontvang is.

Tot voor die sluiting het die Museum die **From the Vault**-uitstalling in samewerking met die Stellenbosch Triënnale en die Universiteit van Fort Hare aangebied. Die US Museum en die Universiteit van Fort Hare het ook 'n raamwerk-memorandum van verstandhouding onderteken, wat die twee instellings in staat stel om saam te werk met betrekking tot onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsontwikkeling. Enige afdeling of departement in die Universiteit is welkom om van hierdie memorandum gebruik te maak om samewerkingsprojekte met die Universiteit van Fort Hare van stapel te stuur.

3.9 US en Fort Hare maak geskiedenis deur kunssamewerking

Die US en die Universiteit van Fort Hare het geskiedenis gemaak deur samewerking aan die From the Vault-kunsuitstalling, wat werke van die twee instellings se kunsversameling wat oor die afgelope eeu versamel is, ten toon stel. Die **130 kunswerke**, wat oor vyf kamers op drie vlakke van die US Museum versprei is, is nog nooit saam gesien nie.

Die uitstalling, met Mike Tigere Mavura en Gcotelwa Mashiqha as kurators, is daarop gemik om die verlede te oorkom en 'n nuwe toekoms vir die twee universiteite, wat aan teenoorgestelde kante tydens Suid-Afrika se verdeelde verlede gestaan het, te karteer.

Dit vorm deel van die inwyding van die **Stellenbosch Triënnale**, wat deur die Stellenbosch Opelugbeeldhoutrust gekonseptualiseer is, met die doel om Stellenbosch 'n primêre bestemming van multidissiplinêre kuns in Afrika te maak. Ses Stellenbosch Triënnale-uitstellings was geskeduleer om tot aan die einde van April 2019 plaas te vind.

Prof Sakhela Buhlungu van Fort Hare het met die bekendstelling van From the Vault op 20 Februarie verduidelik dat die uitstalling geskep is as 'n brug tussen die eeufeesvieringe van twee van Afrika se oudste universiteite. Fort Hare het in 2016 'n honderd jaar oud geword, en die US in 2018. "Kuns doen nou waarvoor talle in die verlede te bang was – dit bring ons bymekaar en bring ons in dialoog met mekaar," het hy gesê.

Die Rektor het bestaande bande tussen die US en Fort Hare uitgelig: gesamentlike navorsingprojekte, **samewerking** tussen personeel en studentegroepe

wat mekaar se kampusse besoek. Hy het ook gevra vir nadere samewerking "om ons die uitdagings te help hanteer in die nuwe landskap waarin ons ons nou bevind, een wat steeds die letsels van die verlede dra, maar ook groot belofte van 'n blinker toekoms inhou".



Proff Sakhela Buhlungu en Wim de Villiers

3.10 Gesondheidvennootskappe

Sportgeneeskundiges en fisioterapeute van KGD het kliniese dienste by die **sportgeneeskundekliniek** van die US se Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISEM) by Tygerberg Hospitaal aangebied. Hierdie kliniek is gemik op gemeenskapsgebaseerde atlete wat as staatspasiënte kwalifiseer, en bied aan hulle toegang tot uitstekende sportgeneeskundige sorg.

Dr Craig Thompson het Maties Rugby se eerste span bygestaan. Dr Thompson is ook deur die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (SARU) genooi om sportgeneeskundedienste aan 60 spelers te bied wat 'n ontwikkelingskamp in die Paarl bygewoon het. Dit was 'n pluimpie vir ons KGD-personeel en het erkenning gegee aan hul kundigheid op die gebied van sport- en oefeninggeneeskunde, en het geleei tot wesenlike samewerking met SARU rakende diensverskaffing op verskillende vlakke van die spel.

Fisioterapeute van KGD het ook span- en byeenkomsondersteuning aan vier Matiespanne gebied wat aan Varsity-netbal, USSA-landloopkampioenskappe, Varsity-sewesrugby en USSA-sewesrugby deelgeneem het.

Danksy die vennootskap tussen SA Rugby en KGD het die US se dr Jo-Anne Kirby **Wêeldrugbyakkreditasie** ontvang as 'n instrukteur vir die kursus in gevorderde noodsorg in rugby. Sy is een van net 'n handvol beroepslui in Suid-Afrika met hierdie kwalifikasie. Dít beteken sy is gekwalifiseerd om alle kantlynnoedsorgverskaffers van die land se nasionale en eliteberoepspanne op te lei. Boonop bied dit aan ander KGD-personeellede die geleentheid om ook op hierdie vlak opgelei te word.

MGD het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe bygestaan met die **plasing van verpleegkundestudente** as deel van hul opleiding. Plekke wat vir plasing gekies is, sluit in

Stellenbosch Safehouse, Prochorus Community Development, Middelvleiplaas en Horizon House. Dit volg op die Fakulteit se Departement Verpleeg- en Verloskunde se bekendstelling van 'n nuwe voorgraadse opleidingsprogram vir verpleërs. Die vierjaarprogram word op die Tygerberg-kampus en verwante platform vir kliniese opleiding aangebied. Die konteks van kliniese praktyk is divers, en strek van gesondheidsorgomgewings in die privaat sektor tot die privaat gesondheidsorgsektor, asook toepaslike leerevarings in skole, maatskaplike dieninstellings, rehabilisafasilitete, nieregeringsorganisasies en organisasies sonder winsbejag.

3.11 Verlengde Onderwyspraktisysopleidingsprogram

Naskoolse programme bied aan leerders 'n veilige ruimte om by kleiner groepe betrokke te raak en hul horisonne te verbreed. Die doel is om positiewe leerderuitkomste te bevorder. Die ontwikkeling van die kapasiteit van praktisyne wat hierdie programme aanbied, is noodsaaklik om die doeltreffendheid en gehalte van die programme te verseker.

Die US se Afdeling Sosiale Impak en die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport het saamgewerk om die Verlengde Onderwyspraktisysopleidingsprogram, wat oor 12 maande strek, aan te bied. Hierdie kortkursus fokus op die ontwikkeling van die vaardighede en kapasiteit van praktisyne in Wes-Kaapse laetarief- en geentarief-skole wat naskoolse programme in sport en ontspanning, kuns en kultuur, lewensvaardighede en akademiese vakke aanbied.

Voortspruitend uit hierdie vennootskap is 'n gesamentlike naskoolse programseminaar op 30 Mei 2019 by ons Fakulteit Opvoedkunde aangebied. Geleenthede vir gesamentlike navorsing en samewerking is bespreek. Dit sluit in die moontlikheid om die kortkursus tot 'n meer formele tersiêre kwalifikasie uit te brei.

3.12 Samewerking in die stryd teen honger

Studente aan die Universiteit van Kaapstad het die veldtog #LunchBoxChallenge bekendgestel, wat gemik is op die bevegting van voedselonsekerheid onder Suid-Afrikaanse leerders. Connect Maties, die studentefondsinsamelingsarm van die US se Afdeling Sosiale Impak, het die uitdaging aanvaar. Hulle het saam met die Afrika-afdeling van Rise Against Hunger, 'n internasionale organisasie wat die verspreiding van kos en ander lewensreddingshulp wêreldwyd koördineer, gewerk om maaltye te verpak en te sken.

US-personeel het op 11 Mei vir 'n aanvanklike geleentheid en op 23 Julie as deel van Mandela-maand by studente aangesluit. Altesam **50 000 maaltye** is

verpak. Hiervan is 10 000 aan die veldtog #Move4Food geskenk, wat US-studente in voedselnoed ondersteun, en 40 000 is geskenk aan 2nd Harvest, 'n organisasie sonder winsbejag wat maaltye aan honger mense en vaardigheidsontwikkeling aan jongmense oor die land heen verskaf.



US-studente en -personeel verpak maaltye om 'n verskil te maak in die stryd teen honger.

3.13 Voedselsekerheid-intervensie vir Weskus-skole

Die US se Afdeling Sosiale Impak koördineer vennootskapversoeke en neem aan netwerke vir die burgerlike samelewing asook inisiatiewe met veelvuldige belanghebbendes deel. As deel van hierdie werksaamhede het die Afdeling onlangs skakeling tussen die Fakulteit AgriWetenskappe en Jala Peo, 'n projek van veelvuldige belanghebbendes met die doel om groter voedselsekerheid onder leerders in behoefte skole aan die Weskus te bevorder, gefasiliteer. Dit het geleei tot 'n **akwaponika-opleidingsessie** by die Welgevallen-proefplaas, wat deur 22 onderwysers van Weskus-laerskole bygewoon is. Die werkswinkel is deur mnr Henk Stander van AgriWetenskappe se Departement Veekundige Wetenskappe aangebied. Die Afdeling Sosiale Impak voer tans gesprekke met ander US-fasilitate en -departemente om by hierdie inisiatief betrokke te raak.

TEMA 4:

GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Konsentreer op 'n leergerigte benadering tot onderrig, en bevorder terselfdertyd 'n holistiese begrip van onderrig en leer.
- Bevorder interdissiplinêre en interprofessionele onderrig en leer deur studente in staat te stel om aan 'n leergemeenskap deel te neem waar personeel en studente saamwerk om te leer, probleme op te los, navorsing te doen en te innoveer.
- Skep 'n instelling van voortdurende leer wat vaardig is in die medeskepping en uitruiling van kennis en insigte.
- Bevorder die professionalisasie van akademici in hulle onderrigrol, en die akademieskap van onderrig en leer.
- Ontwikkel 'n digitale strategie om as grondslag te dien vir digitale vaardigheid en die sinvolle integrasie van leertegnologieë in die strewe na 'n genetwerkte Universiteit wat studente, personeel en alumni betrek en inspireer.
- Brei die US se kennisaanbod uit om in nuwe studentemarkte se behoeftes te voorsien.
- Bevorder die voortdurende vernuwing van die Universiteit se akademiese programme deur middel van 'n sistemiese proses waarin bepaalde rolle en verantwoordelikhede duidelik aan verskillende rolspelers toegeken word.

4. TEMA 4:

GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER



Studente tydens een van die sessies



'n Paar aanbieders van die "HealthyUS"-kursus

4.2 Werkswinkels oor ras en rassisme

Die Transformasiekantoor het van 20 tot 23 Augustus 2019 'n reeks werkswinkels oor begrip van ras en rassisme vir **Bedryfsingenieurswese-studente** aangebied. Meer as 400 studente is oor die vier dae bereik. Opvolgwerkswinkels is van 15 tot 17 Oktober 2019 aangebied. Die verslag oor die werkswinkelreeks sal as grondslag van die insluiting van 'n soortgelyke reeks oor kritieke diversiteitsgeletterdheid in groepswerk in die Departement se eerstejaarskurrikulum dien. Die doel is om interkulturele verhoudings te verbeter en vooroordeel in 'n groepwerkomgewing te verminder.

4.3 Opleiding van gemeenskapsleiers

Die US se Afdeling Sosiale Impak het weer hul jaarlikse opleiding van gemeenskapsleiers as deel van die **E'bosch-inisiatief** aangebied. Deelnemers is versoek om 'n voorlegging en begroting vir 'n ontwikkelingsprojek in hul onderskeie gemeenskappe te ontwikkel, wat met medebywoners gedeel is. Modules wat gedek is, het ingesluit gemeenskapsontwikkeling, gemeenskapskartering, prosesbeplanning en innovasie, projekbestuur, Suid-Afrika se ontwikkelingsraamwerk en erfenisvierung. Stellenbosch se burgemeester en die Rektor het tydens 'n sertifikaatseremonie in Augustus 2019 die deelnemers bedank vir hul toewyding. Vier en twintig leiers van Kayamandi, Idasvallei, Cloetesville, Lynedoch en Lanquedoc het opleidingsertifikate ontvang.

4.1 Leer en onderrig by KGD

KGD-personeellede onderrig elke jaar die **module in openbare geneeskunde** by die US Internasionaal se somerskool. Belangrike en toepaslike onderwerpe soos oefening, seksuele en voortplantingsgesondheid, huishoudelike geweld en geestesgesondheid word gedek.

Drs Pierre Viviers, Craig Thompson en Jo-Anne Kirby het in die tweede akademiese kontakweek van die **ISEM-magistergraad** in Sport- en Oefeninggeneeskunde aan verskeie onderrig- en leeraktiwiteite deelgeneem. Die studente is ook in geskikte kliniese programme by KGD geplaas om hul praktiese ervaring uit te brei. Hierdie samewerkende onderrig- en leerplatform is 'n unieke eienskap van die graad.

Dr Viviers het aanbiedings aan **nagraadse genote** in Sportgeneeskunde by Vanderbilt Universiteit in Nashville en Spaulding-rehabilitasiehospitaal in Boston in die VSA gelewer. Die aanbiedings was gegrond op navorsing wat by die US se ISEM uitgevoer is.

KGD bied elke tweede Vrydag 'n **Joernaalklub** aan, waar tutoriaallesings as deel van voortgesette professionele ontwikkeling vir kliniese personeel aangebied word. Alle personeellede is welkom om dit by te woon, en die onderwerpe verskyn op KGD se kalender op hul webtuiste.

"HealthyUS" is 'n gesondheids- en leierskapskursus wat deur die Frederick Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling aangebied word. Dit is deur KGD se kliniese personeel (mediese dokters, fisioterapeute en kliniese verpleërs) en SSVO-personeel ontwikkel, wat ook die kursus in weeklikse sessies van 6 Augustus tot 1 Oktober 2019 aangebied het.

Die kursus fokus op geestes- en liggaamlike gesondheid, en moedig studenteleiers aan om kritisies na te dink oor hul rol as veranderingsagente in die opleiding van medestudente ten opsigte van persoonlike gesondheid en welsyn. Dit is ook daarop gemik om deelnemers te bemagtig met die vaardighede om potensiële gesondheidsverwante risikofaktore by hulself en hul eweknieë te identifiseer.



TEMA 5:

NAVORSING VIR IMPAK

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Ontwikkel 'n navorsingsagenda wat op die US se waardes, die samelewing se behoeftes en die noodsaak van volhoubaarheid berus.
- Onderneem betekenisvolle navorsing op grond van uitgesoekte, toegespitste strategiese navorsingsgebiede.
- Rig die toekomstige navorsingsagenda en betrek ons belanghebbendes op 'n strategiese wyse.
- Onderneem samewerkende en interdissiplinêre navorsing wat die groot uitdagings van die samelewing die hoof bied.
- Skep 'n verankerde kultuur van innovasie en entrepreneurskap in ons navorsing.

TEMA 5:

NAVORSING VIR IMPAK


5.1 Samewerkingstudie oor waterbestuur

Die US Waterinstituut, Stellenbosch Munisipaliteit en Imbila Strategic Services, 'n gemeenskapsgebaseerde organisasie, voer 'n samewerkingstudie uit om waterbestuur in die Stellenbosch-gebied te verbeter. Mnr Mawethu Nyakatya van die US se Afdeling Sosiale Impak is die venootskapbestuurder en 'n medenavorser. 'n Aanklop-opname is deur gemeenskapsgebaseerde veldwerkers uitgevoer, wat werkswinkels oor opnamedata-insameling by die US Waterinstituut bygewoon het. Voorlopige resultate is by 'n navorsingverspreidingsessie in die gemeenskap bespreek.

5.2 Transformasienavorsing

Die Transformasiekantoor het 'n inisiatief van stapel gestuur om studente se navorsing oor kwessies verbonde aan maatskaplike geregtigheid te deel. 'n Versoek om voorleggings is op 14 April gemaak. Die projek verg van studente om kort videobekendstellings van hul navorsing en 'n skakel na hul finale tesis te deel. Die projek sal op die Transformasiekantoor se webtuiste verskyn.

Die Afdeling Sosiale Impak het aan die Gesamentlike Taakspan van CHEC en die Wes-Kaapse regering deelgeneem, wat aanlyn vergader het, om 'n befondingsversoek vir innovasieprojekte te evalueer. Die versoek is aangepas om voorkeur aan COVID-19-verwante projekte te gee en is sedertdien aan navorsers aan die US en die ander drie universiteite in die Wes-Kaap versprei.



 Stellenbosch University Transformation Office ...


· April 14 · 

CALL FOR SUBMISSIONS: Have you submitted a thesis linking to social justice, human rights, transformation or any other related topic? Is it in the SU libraries database or another academic site for us to access? We invite you to do a short video introduction (2 minutes max) of your thesis and we will share it and link to your thesis for people to read. If you cannot make a recording you are welcome to submit a short written introduction as well and we will publish it! Contact us via messenger.

  23 4 Shares

 Love  Comment  Share

 Write a comment...   



TEMA: 6

VOORKEURWERKGEWER

Die institusionele doelstellings vir hierdie tema:

- Ontwikkel 'n omvattende mensestrategie vir die US wat diversiteit en billikheid aanspreek, unieke talente en sterkpunte benut, lewenslange leer bevorder en prestasies vier.
- Versterk die welstand van ons mense deur 'n instaatstellende, inklusieve, billike, gesonde en veilige werks- en leeromgewing te skep en te bevorder wat ons diverse personeel aanspoor om so produktief moontlik te wees, en waar hulle gewaardeer voel en tot die universiteit se uitnemendheid bydra.
- Verbeter menslikehulpbronprosesse deur die toepassing van tegnologie en digitalisering.
- Ontwikkel en implementeer 'n vernuwende plan vir talentwerwing en -bestuur, met inbegrip van markverwante vergoeding, die bestuur en beloning van prestasie, die bepaling van bevoegdhede, en die ontwikkeling van talent en leierskap deur die hele loopbaansiklus van elke US-werknemer.
- Ondersteun die ontwikkeling van die US as 'n leerorganisasie wat op individuele sowel as organisatoriese behoeftes reageer.

TEMA: 6

VOORKEURWERKGEWER

6.1 Eksterne evaluering van Menslike Hulpbronne


Die HR- eksterne evaluering het in Augustus 2019 begin en is deur konsultasiefirma Korn Ferry uitgevoer. Onderhoude is met 'n omvattende, inklusiewe en verteenwoordige aantal belanghebbendes in die instelling gevoer. Op grond van inligting wat tydens die onderhoude ingesamel is, het Korn Ferry twee sakegevalle aan die Rektoraat voorgelê om 'n toepaslike bedryfsmodel voor te stel. 'n Funksionele uitnemendheid-sakegeval vir die MH-afdeling is goedgekeur. In ooreenstemming met die goedgekeurde sakegeval, is 'n bedryfsmodel, N-I-struktuur (alle bestuurders rapporteer direk aan die Hoofdirekteur: MH), MH-matriks en die volledige voorgenome MR-afdelingstruktuur, met insette van die MH-bestuurskomitee, afgehandel. Korn Ferry-konsultante het die huidige en voorgenome MH-afdelingstruktuur asook hul aanbevole MH-struktuur by die Rektoraatvergadering op 21 April 2020 aangebied. Die Rektoraat het kennis geneem van Korn Ferry se aanbevole MH-struktuur en versoek dat die finale fase van die proses afgehandel word, wat meer besonderhede oor posisies en verbonde profiele en vaardighede sal insluit.

6.2 US-opname oor welsyn, kultuur en klimaat by die werk, 2019

MH, ondersteun deur die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur, het van 28 Oktober tot 15 November 2019 die tweede tweejaarlikse US-personeelopname oor welsyn, kultuur en klimaat by die werk uitgevoer. Die doel was om die vlakke van welsyn en werkstevredenheid van personeel te bepaal en hul mening oor die kultuur en klimaat in die werksomgewing te verkry. Die initiatief vorm deel van die US se strewe om 'n voorkeurwerkewer te wees, wat een van die kerntemas van ons Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 is.

Altesaam **1 095 reaksies** is ontvang. Dit verteenwoordig 'n **toename** van 52,1% in vergelyking met die 720 personeellede wat aan die 2017-opname deelgeneem het. Die algehele **deelnamekoers** in 2019 was 25,89 %.

Deelnamekoers van die personeelklimaat-opname



'n Opsomming van die belangrikste/interessante bevindinge is in Februarie 2020 tydens 'n personeelbyeenkoms aan die Rektoraat, die Institusionele Beplanningsforum en US-personeel voorgelê. Dit het ingesluit kommer oor personeel se gesondheid en welsyn, erkenning en waardering (insluitende bevorderings), die waargenome stadige tempo van transformasie en uitdagings wat deur vrouepersoneel asook swart Afrikaan-, bruin, Indiëer- en Asiër- (SBIA-)personeel ervaar word. 'n Behoefte aan kindersorgfasilitete is ook herhaal.

Die resultate van die opname word in verskeie forums op kampus bespreek. Hierdie omgewings se aanbevelings sal aan die Rektoraat voorgelê word.

Inligtingssessies het vanaf 1 April 2020 in elke VS en fakulteit plaasgevind om die institusionele resultate asook die resultate van die onderskeie VS'e en fakulteite te deel. Weens die COVID-19-virus word 'n reeks video's voorberei om personeellede deur die resultate te lei. Dit sluit in 'n PDF-dokument met die skyfies wat gebruik is om die video's te vervaardig. Personeel van die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur sal beskikbaar wees om die video's en dokumentasie te bespreek en vrae via Zoom te beantwoord nadat dit deur die omgewing se bestuurspan en personeel bestudeer is.

6.3 Taakspan vir die Erkenning en Aansporing van Personeel

Die Rektoraat het aan die einde van 2019 die stigting van 'n taakspan goedgekeur. Die taakspan is versoek om verskeie modusse vir aansporing van personeel op verskillende posvlakke en in verskillende poskategorieë vir onbaatsugtige en uitnemende prestasie te ondersoek en verslag daaroor te doen. Hierdie verslag moet die institusionele gesprekke oor personeelvergoeding, aansporing en erkenning teen die agtergrond van die Universiteit se strewe om 'n voorkeurwerkewer te word, rig. Die taakspan het op 21 April 2020 'n vorderingsverslag aan die Rektoraat voorgelê en het kommentaar en terugvoering ontvang wat tot 'n finale verslag sal bydra.

6.4 Diensbillikheid

Die Transformasiekantoor en Diensbillikhedsdirektoraat het 'n nuwe **omgewingstransformasie- en diensbillikheid-beplanningstemplaat** ontwikkel wat by alle omgewingsplanne ingesluit sal word. Die doel is om te verseker dat omgewingsbeplanning meer in lyn is met die US se transformasie-imperatiewe. 'n Benadering wat meer in lyn is met diensbillikheid sal die US help om 'n voorkeurwerkewer te word, veral vir personele uit aangewese groepe.

Ten einde diversiteit in ooreenstemming met die Universiteit se strategiese tema van voorkeurwerkewer

te bevorder, het die Rektoraat op 17 September 'n Kode vir Bestuurspraktyke vir Diensbillikhed vir onmiddellike implementering goedgekeur.

Die Kode bied riglyne vir bestuurspraktyke met die doel om **diensbillikhed** en redelike tegemoetkoming van **mense met gestremdhede** te bevorder. Voor die goedkeuring daarvan is dit omvattend met alle Universiteitsomgewings bespreek, welke insette in die dokument gevoeg is soos toepaslik.

Die Kode is 'n kritieke instrument vir die hantering van hindernisse wat in die institusionele Diensbillikhedsplan gediagnostiseer is. Dit stipuleer dat betrokkenheid by die transformasiemandaat van die Universiteit, wat die ontwikkeling van **transformasievaardighede** insluit, in die toekoms **20 tot 25% van personeel se sleutelprestasie-areas** sal uitmaak.

Die kantoor van die direkteur van Diensbillikhed sal toepaslike opleidingswerkswinkels vir alle omgewings aanbied om te verseker dat die oorgang en implementering vlot verloop.

6.5 Transformasievaardighede vir personeellede

Altesaam 458 personeellede het aan 31 sessies van MH se **Siyakhula-** ("We Grow") **diversiteitskapasiteitontwikkelingsprogram** deelgeneem. Die Siyakhula-programvoorlegging is hersien om die waardes van diversiteit, billikhed en insluiting te omvat, en is inlyn gebring met die Universiteit se strategiese prioriteite. Temas sluit in moderne rassisme, institusionele kultuur, bemiddeling, konflikoplossing, empatie, die bedreiging van stereotipering en seksuele teistering. Die sessies is spesifiek deur hoë getalle personeel van die departemente Siviele Ingenieurswese, Ekonomiese en Sportwetenskap, die Fakulteit Regsgeleerdheid, Maties Sport en die Rektoraat bygewoon. Die inhoud en fasilitering van die sessie het positiewe terugvoering ontvang: Alle personeel wat die terugvoeringsopname voltooi het, het aangetoon dat hulle die program by hul kollegas sal aanbeveel en 81% het aangetoon dat hulle die inhoud met kollegas of studente buite die sessie bespreek het.

Hierbenewens het 24 personeellede die Siyakhula-opleidingssessie "Embracing the New Normal" oor drie dae in Junie 2019 bygewoon. Deelnemers het akademiese en PASD-personeellede van verskeie afdelings en departemente ingesluit. Die inhoud van die opleiding het ingesluit dekolonisasie, moderne rassisme, gestremdhed, seksisme, seksuele teistering en geslagsvloeibaarheid in die konteks van die US se strewe om 'n meer inklusiewe en instaatstellende instelling te word. Een deelnemer het opgemerk: "Ek sou graag die gesprek ná die drie dae wou voortsit; dit was 'n soort ontwaking. Dit het meegebring dat ek meer wou leer om 'n positiewe bydrae tot verandering in my omgewing te lewer."

6.6 Leierskaps- en bestuursontwikkeling

Die US se MH-afdeling gaan voort om leierskaps- en bestuursontwikkelingskursusse vir lynbestuurders op verskillende vlakke aan te bied:

- Vyf en dertig lynbestuurders het MH-werkswinkels oor 'n verskeidenheid onderwerpe, insluitende finansiële bestuur en MH-bestuur, bygewoon.
- Ses lynbestuurders van die Fakulteit AgriWetenskappe het 'n werkswinkel oor ontwerpdenke bygewoon, wat deur prof Daniel Malan, die direkteur van die Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB), gefasiliteer is.
- Een en twintig senior lynbestuurders het deelgeneem aan 'n gesprek oor stelselenke as 'n alternatiewe benadering tot intellektuele verwerking, wat gelei is deur dr Morné Mostert, die direkteur van USB se Instituut vir Toekomsnavorsing.

In 2019 het altesaam **551 lynbestuurders 35 MH-werkswinkels** oor 'n verskeidenheid bestuursonderwerpe bygewoon, soos finansiële bestuur, MH-bestuur, ontwerpdenke, stelselenke, prestasiebestuur, talentbestuur, werwing, projekbestuur en dienstbillikheid.

Bestuurders het ook leierskapsprogramme bygewoon, soos Universiteit Suid-Afrika se program in hoëronderwysleierskap en -bestuur, die programme van CHEC, die program vir die ontwikkeling van leierskaps- en spanvaardighede en die program van Higher Education Resource Services.

6.7 Transformasiekantoor

Die Transformasiekantoor is besig met die ontwikkeling van 'n opdrag aan omgewings/fakulteite se Transformasiekomitees. Hierdie proses is uitgestel totdat die inperkingsregulasies opgehef word, aangesien dit nie geskik is om aanlyn te doen nie. Tot op hede het die Transformasiekantoor met die dekane van Lettere en Sosiale Wetenskappe, Regsgeleerdheid, Teologie, Natuurwetenskappe, Ingenieurswese en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die senior direkteur van Studentesake vergader. Werkswinkels is met die Transformasiekomitees van die Afdeling Studentesake en die fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gehou.

6.8 Kampusgesondheidsdienste


Tydens roetinebesoeke aan omgewings het die arbeidsgesondheidspan hoërrisiko-areas deur 'n kwalitatiewe skandering van gevare in omgewings

geïdentifiseer. Tydens hierdie verslagdoeningstydperk is twee ingenieursdepartemente (Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese en Prosesingenieurswese) asook die Departement Fisiologie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe geassesseer.

Die vernaamste risiko's wat geïdentifiseer was, is die volgende: blootstelling aan gevaarlike geraas; blootstelling aan gevaarlike chemikalië; moontlike blootstelling aan biologiese agense soos tuberkulose, MIV en hepatitis B; werk met laboratoriumdiere met die meegaande risiko van die ontwikkeling van allergieë, soönotiese siektes en dierbyte; en ergonomiese gevare soos die hantering van ongemaklike ladings en herhalende bewegings.

Die uitkomste van die Gesondheidsrisiko-assessering is gebruik om die mediese toesigprogram te rig en aanbevelings en riglyne te verskaf wat die risiko's kan versag en 'n gesonde en veilige werksplek vir personeel sal verseker.

KGD het in vennootskap met MH, Maties Sport, die SSVO en AKK gewerk om die gesondheids- en welsynsboodskappe wat na personeel en studente gestuur word in ooreenstemming te bring en uit te brei. Die Facebook-plasing wat die meeste mense bereik het en wat die meeste reaksie ontlok het, was SSVO se MIV-toetsingsveldtug First Things First. Meer as 10 900 mense is hierdeur bereik.



6.9 Plan vir personeelgesondheid en -welsyn

'n Omvattende plan vir personeelgesondheid en -welsyn, wat hierdie belangrike institusionele prioriteit sal steun, word ontwikkel en sal binnekort in alle US-omgewings bespreek word. 'n Konsepweergawe van die Plan vir Personeelgesondheid en -welsyn is in Mei 2020 deur die Rektoraat goedgekeur vir bespreking en oorweging in alle Universiteitsomgewings.

Bestaande en voortgesette personeelwelsyn-inisiatiewe by die US sluit die volgende in:

- WBP's – Voortgesette emosionele en adviessteundienste word aan personeel gelewer wat probleme ervaar met interpersoonlike konflik, ekskeiding, middelmisbruik, mediese

ongeskiktheid, trauma en verlies. Die behoefte aan die WBP en sielkundige, psigiatrisee en arbeidsterapie-dienste in die werksplek neem tans toe.

- Personeelbevorderingsprogram (BVP) – In die verslagdoeningstydperk is die volgende werkswinkels as deel van die BVP aangebied: bekendstelling van nuwe personeel aan werknemerwelsyn (deur 100 personeellede bygewoon), opleiding in studieleiding (12), die ontwikkeling van doeltreffende verhoudings in die werksplek (16) en sinvolle finansiële bestuur (20).
- 'n Afrigtingsprogram is vir senior bestuurders bekendstel, wat departementele voorsitters insluit.
- Tydens die inperking is bykomende gesondheids- en welsynsdienste elektronies beskikbaar gestel.

6.10 Dagsorgfasiliteite

Komitees op ons Stellenbosch- en Tygerberg-kampus het aansoeke by die **Strategiese Fonds** vir dagsorgfasiliteite ingedien. 'n Nuwe fasilitet op die Tygerberg-kampus, en die opknapping van die bestaande Babin-fasilitet op die Stellenbosch-kampus, word beplan.

6.11 Gesondheidsbevordering

As deel van voortgesette pogings om die gesondheid en welsyn van werknemers te verbeter, het professionele personeel van KGD etlike **gesondheidsverwante artikels** op die US-webtuiste gepubliseer, wat onderwerpe dek soos geestesgesondheid, ergonomika in die werksplek, 'n wêreld sonder tabak, hartritme, mans se gesondheid en hoë bloeddruk. In Mei, Vrouegeesondheidsmaand, was die fokus op ystertekort-anemie, 'n toestand wat 'n beduidende hoeveelheid vroue raak. Buiten roetinetoetsing vir ystertekort, het KGD ook inligting wyd versprei. Alhoewel die verspreiding van selftoegediende geestesgesondheidvraelyste (vir angstigheid en depressie) gelydelik toegeneem het, bly die benutting daarvan laag.

6.12 Pedometer-uitdaging

Die US het die Pedometer-uitdaging suksesvol voltooi. Dit was 'n agtweek-kompetisie waarin die Universiteit van die Vrystaat die US, Noordwes-Universiteit en die Sentrale Universiteit van Tegnologie uitgedaag het om te sien watter instelling se personeellede die meeste treë kan aflê. AKK het gehelp om die inligting oor die uitdaging asook die inskrywingsvorms te versprei, en het ook 'n kort video-uittreksel gekonseptualiseer en geskep wat gebruik is om die kompetisie te bemark. Die US het derde gekom, met **33 vierlid-spanne** wat altesam 'n afstand van **51 814 km** afgelê het.

6.13 Senior aanstellings

Dr Kelebogile Choice Makhetha het op 1 Augustus 2019 die pos van **Senior Direkteur: Studentesake** ingeneem; prof Mbulungeni Madiba het op 1 September 2019 as die nuwe **Dekaan: Opvoedkunde** begin werk; me Ilhaam Groenewald is met ingang van 1 Augustus 2019 weer vir 'n vyfjaartermyn as **Hoofdirekteur: Sport** aangestel; en me Nicolette van den Eijkel is vir nog 'n vyfjaartermyn aangestel as **Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur** met ingang van 1 Januarie 2020.

Die US Museum het **dr Mosa Phadi** as programbestuurder van die Ubuntu Dialogues aangestel. Dr Phadi het 'n doktorsgraad in Sosiologie aan die Universiteit van Johannesburg verwerf. Haar aanstelling val saam met die US se Leerstoel in Historiese Trauma en Transformasie.

Prof Kanshukan Rajaratnam is aangestel as direkteur van die US se **Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke**, wat in Julie 2019 bekendgestel is. Hy het 'n doktorsgraad in Stelselingenieurswese aan die Universiteit van Virginia in die VSA verwerf. Hy was voorheen onder ander 'n medeprofessor van Finansies en waarnemende dekaan van die Handelsfakulteit by die Universiteit van Kaapstad. Prof Rajaratnam beskik oor 'n gradering deur die Nasionale Navorsingstigting en is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Jong Wetenskapakademie.

Die sosiale entrepreneur **mnr Joshua Romisher** is aangestel as hoof- uitvoerende beampie van die Nedbank Universiteit Stellenbosch **LaunchLab** met ingang van Februarie 2020. Hy het 'n sleutelrol gespeel in die stigting van twee Pan-Afrika-sonkragmaatskappye wat skoon, betroubare energie aan meer as 2,5 miljoen mense oor 10 lande verskaf en meer as 1 000 voltydse poste geskep het. Hy het die afgelope ses jaar gewy aan die stigting van ondernemings in tien Afrikalande suid van die Sahara.

Mnr Mohamed Shaikh, voorheen VS-bestuurder in die kantoor van die Adjunkvisekanselier: Strategie en Internasionalisering, beklee sedert 1 Februarie 2020 die pos van **uitvoerende bestuurder van die Rektoraat**. Hy vervang dr Jerome Slamat, wat uit die US se diens afgetree het. Voormalige AKK-publikasierедакteur **dr Wayne Muller** neem by mnr Shaikh oor as **VS-bestuurder in die kantoor van die Adjunkvisekanselier: Strategie en Internasionalisering**.

Me Susan van der Merwe is aangestel as **waarnemende senior direkteur van die AKK** ná die bedanking van dr Phumzile Mmope, wat in 'n verklaring gesê het: "Ek is opgewonde en sien uit daarna om nuwe geleenthede in die volgende fase van my loopbaan aan te gryp." Ons het groot waardering vir dr Mmope se bydrae tot die bevordering van die AKK se strategiese rol in die posisionering van die US as 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling.

6.14 Vordering ten opsigte van diversiteit

Tabel 1: Samestelling van nuwe Studenteraad

Indiér		Bruin		Swart Afrikaan		Wit		Totaal		
Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Lede
0	0	3	0	2	2	4	4	9	6	15

Tabel 2: Samestelling van die Raad 2013–2019


	2019	2018	2017	2016	2015	2014	2013
Indiërmans	0	0	0	0	1	1	0
Indiervroue	1	0	0	0	0	0	0
Bruin mans	7	7	5	5	5	4	4
Bruin vroue	1	1	1	0	0	0	1
Swart Afrikaan-mans	0	1	2	0	0	0	0
Swart Afrikaan-vroue	3	2	2	2	2	1	0
Wit mans	14	15	14	20	20	20	20
Wit vroue	4	4	4	2	1	2	1
Totaal mans	21	23	21	25	26	25	24
Totaal vroue	9	7	7	4	3	3	2
Totaal lede	30	30	28	29	29	28	26

Tabel 3: Samestelling van die Institusionele Forum (November 2019)


Indiér		Bruin		Swart Afrikaan		Wit		Totaal		
Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Lede
0	1	7	0	4	1	10	8	21	10	31

PERSONEELKATEGORIE VOLGENS RAS


Alle personeel



Akademies




PASD




- Alle personeel op salarisbetaallys, Oktober 2019
- PASD: Professionele, administratiewe en ondersteuningsdienste

PERSONEEL VOLGENS GESLAG


Alle personeel volgens geslag



Akademici volgens geslag




PASD-personeel volgens geslag




- Alle personeel op salarisbetaallys, Oktober 2019
- PASD: Professionele, administratiewe en ondersteuningsdienste

SENIOR POSISIES VOLGENS RAS


Almal



Akademies




PASD




Posisie	Graad	Swart Afrikaan	Bruin	Indiër	Wit	Buitelander	Totaal
Rektor en Visekanselier	1				1		1
Viserekotor en Hoof-Uitvoerende Beampte	2			1		4	5
Akademiese dekane, hoofdirekteurs en registrator	3	3	3		10		16
Senior direkteurs en uitgelese professors	4	2	6	2	35	5	51
Direkteurs en volle professors	5	8	25	11	225	38	307
Medeprofessors	6	13	13	6	215	20	297
Totaal		26	76	19	490	63	677

PERSONEEL VOLGENS GESLAG EN RAS

Alle personeel (N= 4 653)



Akademiese personeel (N= 1 388)



Die Rektor se Strategiese Personeelfonds het aanmerklik tot die groei in SBIA- akademiese personeel van 18% tot 25% in die tydperk 2015 tot 2019 bygedra.

Ons persentasie-aandeel SBIA- uitvoerende en nie-akademiese personeel is nou 59% en sit 'n geleidelike stygting oor die afgelope paar jaar voort.

6.15 nGAP by die US

Die US is vyf posisies vir die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se nGAP fase 6 toegewys. Die posisies is in die volgende departemente toegewys: Sentrum vir Gesondheidsberoep-onderwys, Ekonomie, Epidemiologie en Biostatistiek, Prosesingenieurswese en die USB. Daar is dus nou altesaam 27 nGAP-posisies by die US.

6.16 Kansellierstoekenings vir 2019

'n Kenmerkende eienskap van instellings met 'n etos van uitnemendheid is dat hulle verskillende vlakke en vorme van erkenning vir uitnemende prestasie bied. Die US doen dit onder andere deur ons jaarlikse Kansellierstoekenings vir personeel. Hierdie prestigetoekenings gee erkenning aan personeel wie se loopbane getuig van volgehoudende uitnemendheid in navorsing, innovasie, leer en onderrig, sosiale impak en professionele dienste. Geluk aan die ontvangers van 2019. Hulle sal hul toekennings tydens ons gradeplegtighede van 9 tot 13 Desember ontvang.

Ontvanger	US-omgewing	Toekeningskategorie
Mev Gretchen Arangis	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Professionele dienste
Prof Andries Burger	Fakulteit Ingenieurswese	Navorsing, onderrig en leer, en sosiale impak
Prof Usuf Chikte	Fakulteit Geneeskunde enGesondheidswetenskappe	Onderrig en leer
Mnr Enzo Daguanno	Fakulteit Ingenieurswese	Professionele dienste
Prof Jacques du Plessis	Fakulteit Regsgeleerdheid	Navorsing
Mev Maryke Hunter-Hüsselmann	VS vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies	Navorsing en professionele dienste
Prof Daniel Makinde	Fakulteit Krygskunde	Navorsing
Prof Linus Opara	Fakulteit AgriWetenskappe	Navorsing
Mnr Pierre Rossouw	Registrateursafdeling	Professionele dienste
Prof Gilliam Schoombee	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Professionele dienste
Dr Jerome Slamat	Rektorsafdeling	Professionele dienste
Mev Susan van der Merwe	VS vir Strategie en Internasionalisering	Navorsing en professionele dienste
Prof Marlene van Niekerk	Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	Navorsing

SLOTWOORD

As 'n mens terugkyk na die jaar waaroor hier verslag gedoen word, is dit duidelik dat beduidende vordering gemaak is met die bereiking van die vernaamste prioriteite in die Universiteit en VS'e. Hieronder is:

- die verdieping en versterking van sowel kwantitatiewe en kwalitatiewe transformasie en versekering dat transformasie 'n sistemiese, ingebette funksie van die Universiteit is;
- die bevordering van personeel se gesondheid en welsyn;
- die uitvoering van 'n grondige eksterne evaluering van MH-dienste by die instelling; en
- die bevordering en konsolidering van sosiale impak as 'n ingebette imperatif van die Universiteit.

Die US Museum se doelwitte om studente se graduandi-eienskappe deur uitruilmoontlikhede te ontwikkel, toepaslike geleenthede vir werkgeïntegreerde leer vir 'n suksesvolle loopbaan en positiewe impak op die samelewing te skep en uit te reik na die gemeenskappe wat ons dien, is goed gevestig, al het die COVID-19-pandemie sommige werk vertraag.

Die US Woordfees het beduidende sukses behaal met hul mentorprogram en aanvulbeurse vir eerstegenerasiestudente deur WOW, die skep van geleenthede deur die fees vir ontluikende studente- en jong alumnikunstenaars en meningsleiers, bemagtiging van die US Koor as 'n veranderingsagent vir lede en ander, en die skep van 'n geïntegreerde studentegemeenskap.

MH het op die MH-evaluatingsproses en op die monitering van die implementering van 'n stel diensbillikhedmikpunte gefokus.

KGD se prioriteit was om 'n geïntegreerde, holistiese gesondheids- en welsynaambod te ontwikkel en te implementeer, 'n gesonde werkomgewing oor die instelling heen te verseker en met interne en eksterne belanghebbendes te skakel om pasiënte se ervaring te verbeter. Goeie vordering is in hierdie opsig gemaak.

Die Afdeling Sosiale Impak het gefokus op die facilitering van geleenthede vir vrywilligers en burgerlike betrokkenheid deur belanghebbendes en die Transformasiekantoor het gewerk aan die versterking van interne en eksterne transformasievennootskappe en -ooreenkomsse en op die skep van nuwe platforms om transformasiekwessies aan te pak en te kommunikeer.

Hartlike dank aan die leierskap en personeel in die VS asook aan alle kollegas en vennote in en buite die Universiteit met wie die VS deurlopend saamwerk. Die ondersteuning en leiding van die Rektor, saam met lede van die Rektoraat, word hoogs op prys gestel. Dit bly 'n voorreg en 'n vreugde om 'n instelling te dien wat, ingevolge ons Transformasieplan, verbind is tot die bou van 'n samelewing gekenmerk deur waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal deur navorsing en innovasie, onderrig en leer, transformerende sosiale impak, strategie en internasionalisering.

In saamstappende verbondenheid

PROF NICO KOOPMAN

